



Matie land



Oudmatie
 Wat beteken dit?

Understanding
 China, Japan

Bobby,
 almal se held



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
 UNIVERSITY OF STELLENBOSCH



DIE KAAP SE EERSTE VONKELWYN BEKROON AS SUPERIEUR

'N EDEL SMAAK
SONDER GELYKE



VAN
DIE HUIS VAN
J C LE ROUX

Reeds eeue lank verleen die edel Sauvignon Blanc-druif geurige karakter aan die gevierde witwyne van Europa. Nou sprankel dit in J C Le Roux Sauvignon Blanc – fris en droog – die Kaap se eerste vonkelwyn gemaak van hierdie klassieke kultivar. Ontdek die verskil in J C Le Roux Sauvignon Blanc-vonkelwyn!

J.C. LE ROUX

SAUVIGNON
BLANC

VONKELWYN VAN
OORSPRONG – KUSSTREEK

Voorblad: Lees in die voorblad-artikelreeks op bl. 4-6 van die Konvokasie, Oudmatieskap, hoe buitelandse universiteite hul alumni-betrekkinge benader en die instandhouding van die 90 000 Oudmaties wie se name op die Universiteit se oudstudente-databasis is.

Foto's: Photo Access

Matieland word gratis aan Oudmaties en US-donateurs gestuur.

Matieland Advieskomitee:

Prof Rolf Stumpf (voors.),
Walter Claassen, Piet du Plessis,
Johan Groenewald, George Claassen,
mnr Kobus Visagie, Hans-Peter
Bakker, Hans Oosthuizen

Uitvoerende redakteur,

US-publikasies: Hans-Peter Bakker
Ontwerp & Uitleg: Alun Davies,
Cathy Charman, Metupp

Kontrak-uitgewer:

Metupp Publishing

Reproduksie: Virtual Colour

Drukker: Paarl Post Web, Paarl

Verspreiding: AMA, Kaapstad

Redaksiekantoor:

Posadres: Redakteur: Matieland,

Bemarking & Kommunikasie,

Universiteit van Stellenbosch,

Privaatsak XI, Matieland, 7602

E-pos: jcoost@maties.sun.ac.za

Tel: (021) 808-4851/-4632

Faks: (021) 808-3800

Advertensies:

Johannesburg: Metupp Publishing

Posbus 412193, Craighall 2024

E-pos: metupp@global.co.za

Tel: (011) 787-0513

Faks: (011) 787-1771

Johannesburg: Sally Hudson,

Tel: (011) 784-1438 **Sel:** 083-277-6974

Kaapstad: Liz Olbrich,

Tel: (021) 434-4585 **Sel:** 082-552-3298

Faks: (021) 434-4583

E-pos: ollie@icon.co.za

Sirkulasie/Adreslys:

Posadres: Malena Fourie, Matieland-

sirkulasie, Bemarking &

Kommunikasie, Privaatsak XI,

Matieland, 7602

E-pos: mfour@maties.sun.ac.za

Tel: (021) 808-4919

Faks: (021) 808-3800

Jaargang 42 3:1998

ISSN 0025-5947

Matieland

Inhoud/Contents

Oudmatieskap/Being an Oudmatie

- 4 Soveel Maties, soveel menings
- 5 Konvokasie bind oud en jonk saam
- 5 Reunion in Europe
- 6 Waar's dié 30 000 Oudmaties?
- 6 Real benefits – for university and alumni

Navorsing/Research

- 8 Thermal energy expert joins A-team
- 9 Skoolmeisie help US-navorsers met roofvoëlstudie
- 10 Hulp vir duisende met oorerflike siekte
- 11 Akwakultuur bly voor na 'n dekad

Uitreik/Outreach

- 12 Kliniek se 'wonderwerkies' – Ouerskap na teleurstelling

Die Kunste/The Arts

- 16 Boukuns: Universiteitsgeboue deel van 'n ryke erfenis
- 18 Boeke & CD's

Oudmaties/Alumni

- 20 Desmond Smith lei US-Raad
- 20 Oudmaties blink uit in taai eksamen

Wellewendheid/Life Style


- 24 Planning your retirement

Sport/Sport

- 29 Maties se Bobby is almal se held
- 30 Nog 'n puik jaar vir Matie-rugby
- 31 Elana Meyer sewende keer Maties se Sportvrou
- 31 Gestremde atleet weer Sportman van die Jaar
- 31 Basketball Club produces SA players

Allerlei/Miscellaneous

- 2 Klip in die 'Bosch: Lesersbriewe
- 2 Redakteursbrief
- 14 Chinese minister launches Mandarin language course
- 15 Fostering a better understanding of Japan
- 26 In memoriam
- 27 Veggees vir gestremdes se regte
- 22 Sunsat – The dawning of one of our finest hours
- 28 Matieland stories
- 32 Naskrif: Stellenbosch – geliefde, vormende plek



Dink aan jou oudag terwyl jy nog jonk is, waarsku 'n finansskrywer in dié uitgawe van *Matieland*.

'n Moeilike opdrag, as jou aftreedag eers teen 2038 gaan wees; as jy in die "Klas van '98" is wat vanjaar afstudeer.

Matieland is dié keer spesiaal op die jonger garde ook gemik – maar natuurlik op almal, om elkeen weer oor *Oudmatieskap* te laat nadink. Die voorblad-artikelreeks gaan hieroor, oor wat die *Konvokasie* is, hoe SA universiteite se alumniprogramme met ander wêrelddele s'n vergelyk en die 30 000 "soekgeraakte" *Oudmaties*.

Die kalklig val ook op die Universiteit se diens aan kinderlose ouers en toenemende hulp vir die kampus se gestremde mense. Navorsingsnuus gaan onder meer oor die makliker diagnose van 'n oorerflike siekte, 'n bedreigde roofvoël en die Universiteit se leiersrol in die wetenskap van visteelt. Leer jy iemand visvang, voed jy hom vir 'n leeftyd, lui 'n ou Sjinese gesegde – en die US voer dit verder met opleiding en voerpuntnavorsing, ook tot kleinboere se voordeel.

Van Sjina gepraat, daar's berigte oor 'n kursus in Mandaryns en die Sjinese kultuur, én 'n professoraat om beter begrip met Japan te bevorder.

Iets heel anders: sport – die goeie rugbyjaar, Matie-sportsterre Elana en Ernst, en almal se rugbyheld, Bobby. Een van sy spitsvondighede: reik na die sterre; kry jy dit nie, kampeer jy op die maan. Dis 'n beter filosofie as dié van die Matie in die *grap*, wat sy pa probeer oortuig dat universiteit 'n loopbaan is, nie 'n renbaan nie!

In *Naskrif* vertel prof Lina Spies (wat byna by aftree is) van haar verbintenis met Stellenbosch, en die invloed daarvan op haar professie en haar digterskap.

Dit is nou eenmaal so, hoe ouer 'n mens word, hoe meer dink jy oor jou jonkwees. En deel van *Oudmatieskap* is gewoonlik dat jou Stellenbosse jonkweesdae al hoe meer deel van jou nadink word.

Maar al is jou diep-nadinkdae eers daar rondom 2038, dink maar nou al oor *Oudmatieskap*. En moenie vergeet van die aftreebeplanning nie.

Hans Cloetshuisen

LEES VOLGENDE KEER IN MATIELAND:

- Hulp aan die SA motorbedryf om homself op die wêreldtoneel te handhaaf – en te oorleef!
- Dit is seker dié omvattendste Afrikaanse letterkunde-versameling: die Universiteit bekom sowat 2 500 werke, meestal eerste drukke.
- Produkte wat voortvloei uit US-personeellede se uitvindings en ontdekkings word gekommersialiseer.
- Een van Suid-Afrika se grootste muurskildery-versamelings:
- Coetzenburg se bydrae om jong krikettalent te ontgin.

KLIP

Afrikaans is darem spesiaal

Soos Jasmin Opl (*Matieland* 2:1998), geniet ek ook die artikels in Afrikaans. Ons heelwat nie-Afrikaanssprekende buitelanders wat aan die US gestudeer het. Ons het gekom sonder om die taal te ken, ons het dit geleer – dit was nie 'n probleem nie – en toe het ons daarvoor lief geword.

Engels is alledaags, maar Afrikaans is spesiaal. 'n Taal wat so 'n mooi poësie opgelewer het, moet darem spesiaal wees.

My vrou en ek was onlangs met vakansie in die Wes- en Noordkaap. Buite Kaapstad en Somerset-Wes het ons uitsluitlik Afrikaans gehoor, en dit was vir ons mooi. Julle het 'n groot kultuurerfenis daar.

Mikael Grut, Wimbledon, Engeland (Bosbou, 1956) – (Dié brief is so in Afrikaans ontvang – Red.)

Neethling-familie het ook vër bande

Nav. die berigte oor die Hofmeyr-familie wat ses geslagte lank 'n verbintenis met die Universiteit en die Kweekskool het (*Matieland* 1:1998) en die Murrays se lang Matie-verbintenis (*ML* 2'98): My kleindogter, Hilda van der Merwe, is ook 'n vyfdegeslag-afstammeling van 'n stigter van die kollege wat later die Universiteit geword het. Haar oor-oor-oupagrootjie was ds JH Neethling, Stellenbosse predikant en medestigter van die US se vroegste voorloper (sy standbeeld is voor die NG Moederkerk, Stellenbosch).

Bydraes in hierdie



Douglas Davis, 'n eertydse radio- en koerantjoernalis, is 'n oudredakteur van *Matieland* (1976-1981) en werk baie jare al by die US. As personeellid van *Bemarking & Kommunikasie* hanteer hy onder

meer mediaskakeling. Hy skryf hier oor die *Konvokasie*, oor *Sunsat* (wat op 8 Januarie gelanseer word) en oor die rugbyheld van die oomblik, Bobby Skinstad.

Bll. 4, 24, 29

IN DIE 'BOSCH

Sy oudste seun en naamgenoot was predikant op Lydenburg en veldprediker vir die Boerekommando's in die Engelse oorlog en sy vrou was met vyf van hul kinders vir'n tyd in 'n konsentrasiekamp. Saam met hom op kommando was sy oudste seun, Jan, latere professor in Erfikheidsleer (Genetika), US. Hy was my oupa.

Sy dogter Ella het BSc in 1919 voltooi en was getroud met Tippi du Toit, 'n boer van Ceres. Ek (hul oudste dogter) het BA Maatsk. Werk (1945) behaal en was 'n Monikaner. My suster, Elsa, het BSc Huish. behaal.

Ek was getroud met 'n boer van Sutherland en ons oudste seun se vyf kinders het almal Maties geword – die dogter was in Nemesia en die vier seuns in Wilgenhof. Drie van hulle het ook met Oudmaties getrou. My seun, Koos van der Merwe, wat op ons familieplaas by Sutherland boer, en sy Oudmatie-vrou, Elsa (Schoch), se dogter, Hilda, is nou 'n BRek-student en haar broer word in 1999 'n Matie.

Cecile van der Merwe, Stellenbosch

Nog 'n Hofmeyr-verbintenis

Ek het BA (Ligg. Opvoedk.) 1956 behaal. Prof Niklaas Hofmeyr was my oupagrootjie aan moederskant. My ouma het grootgeword in 'n woonstel in die Kweekskool waar haar pa professor was. Sy het getrou met dr P de Vos, seun van 'n Kweekskoolprofessor, PJG de Vos, wat die US se tweede kanselier (1919-'34) was (foto regs).

Drie van prof De Vos se nasate was US-dosente: prof Piet de Vos (Krygskunde), dr Miriam

de Vos (Botanie) en mev Marie-Lou Roux (Engels). In ons familie is dit tradisie om op Stellenbosch graad te kry. My man se pa, dr Willie Marais, het 'n eredoktorsgraad (Opvoedkunde) van die US ontvang. Aan vaderskant is my kleinneef, Ritzema de la Bat, 'n US-Raadslid.

Elizabeth René Marais (geb. De la Bat), Durbanville

Dr Jan se boodskap treffend

Ek is aangenaam verras met die "nuwe" Matieland (2:1998) en moet julle gelukwens daarmee. Die afskeidsboodskap van DrJan van der Horst was treffend, veral sy verwysings na De Montaigne se filosofie oor die opvoeding – ek glo dit is 'n benadering wat ons kan aanhou om toe te pas.

Ek het ingenieurswese (siviël 1965-'70) gestudeer en daarom het ek die staaltjies oor Prof. Göldner baie amusant gevind. Ek het self 'n paar wiskunde klasse by hom gehad.

Ook die foto van die ou Ingenieursgebou: Ons was van die laaste studente wat hier klasgeloop het – dit het aangename herinneringe opgeroep. Ons het daar onder meer klasgeloop by prof "Spanner" de Villiers (Toegepaste Wiskunde) – seker een van die mees begaafde dosente wat ooit klasgegee het (hy was natuurlik later Viserektor).

'n Lid van die volgende geslag Laubschers studeer nou Ingenieurswese op Stellenbosch.

Frans Laubscher, Skukuza, Mpumalanga

**Stuur u menings aan:
Redakteur: Matieland,
Privaatsak X1,
Matieland, 7602
E-pos:
jcoost@maties.sun.ac.za
Faks: (021) 808-3800**

**Please write to: Editor:
Matieland, Private Bag
X1, Matieland, 7602,
E-mail:
jcoost@maties.sun.ac.za
Fax: (021) 808-3800**

**Prof PJG de Vos, die Universiteit se tweede Kanselier:
Lees die brief oor die Hofmeyr-familie hier langsaan.**



uitgawe van Matieland:



Die rooivalkie, 'n bedreigde roofvoël, word deur 'n Stellenbosse dosent in natuur-bewaring bestudeer. **Bun Booyens**, wat hieroor skryf, was vir ses jaar lank die Wêreld-Natuurfonds (WWF-SA) se direkteur van kommunikasie. Hy is 'n

Oudmatie wat in die joernalistiek gestudeer het, as radio- en koerantjoernalis gewerk het en sedert verlede jaar 'n dosent in joernalistiek aan die US is.

Bl. 9



Terry Nel het op Stellenbosch landbouwetenskappe en joernalistiek gestudeer, waarna sy by verskeie koerante en tydskrifte gewerk het en twee jaar lank 'n US-joernalistiek-dosent was. Nou doen sy vryskutwerk, meestal vir landbougerigte tyd-

skrifte. Sy vertel van hulp vir duisende mense met 'n oorerflike siekte, en van die Universiteit se leiersrol in akwakultuur – die wetenskap van visteelt.

Bl. 10, 11



Met geesdrif en dryfkrag help 'n dosent deure oopmaak vir gestremde Maties, veral atlete, skryf **Ilza Hugo**, 'n Oudkovsie met 'n M-graad in Kommunikasiekunde. Sy was 'n deeltydse dosent, het in die UOVS se destydse ontwikkelings-buro gewerk en skoolgehou. Sedert

Maart vanjaar is sy by Bemaking & Kommunikasie, US, onder meer as die persoonelblad KampUSnuus se redakteur.

Bl. 23

WAT BETEKEN OUDMATIESKAP?

Vir verskillende mense beteken dit verskillende dinge. Elkeen het immers sy of haar Stellenbosse universiteitsjare op 'n ander manier beleef

SOVEEL MATIES, SOVEEL MENINGS

Begin 'n mens rondvra, blyk dit tog gou dat daar sekere dinge is waaroor mense eners voel – en by Oudmatieskap gaan dit oor hoe jy dink én voel.

Matieland het 'n aantal Oudmaties hieroor uitgevra. Hulle woon in verskillende dele van die land, en hul studentejare was oor verskillende dekades versprei. Dié menings word hier weergegee.

Daar is die ontevredenes. En daar's bekommernis: Gaan die akademiese peil dalk verlaag? En die kwalifikasies nutteloos word? Transformasie is te stadig.

Maar die meeste Oudmaties het gepraat van hul trots vir die Universiteit. Van dankbaarheid vir die voorreg om op Stellenbosch te kon wees. Vir die

goeie opleiding en afronding wat dit vir die lewe verskaf het. Vir die netwerkgeleenthede en aanknopingspunte wat dit teenoor mede-Oudmaties in die beroepslewe bied.

'n Jong dokter wat net verlede jaar graadgevang het, som dit op as "... 'n voorsprong in die lewe."

"Oudmatieskap verbly 'n mens altyd en verfris jou gedurig" is 'n gesiene, ouer geslag Namibiër se siening.

"Ek verlang dikwels na my universiteitsjare," sê 'n Durbaniet wat agt jaar gelede afgestudeer het. En "ek is uiters trots op my Oudmatieskap," sê 'n jong Pretorianer.

"Ek is trots daarop dat ek by die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het. Die Universiteit het dieselfde kultuur en atmosfeer as die organisasie waar ek nou werk. Ek dink gereeld met heimwee terug aan my studentedae. Ek sal altyd dankbaar wees vir die geleenthede wat die Universiteit my gebied het om myself te ontwikkel." – **Tania Marais** van Kaapstad, HonsBA in Politieke Wetenskap 1992

"Oudmatieskap is vir my 'n verbintenis met 'n instelling waarop ek met reg trots is om deel van te kan wees." – **Trevor Larkin**, 'n ingenieur van Randburg, Gauteng, wat in 1981 afgestudeer het

"Stellenbosch is 'n ongelooflike belewenis. Die akademiese 'polish' (afronding) wat jy daar kry, bly jou hele lewe by jou." – **Wim van Zyl** (BSc, BIng 1961)

"Ek sou graag wou sien dat die Universiteit van Stellenbosch die Oxford of Harvard van Suid-Afrika word. 'n Universiteit waar 'n student 'n elitekwalifikasie kan verwerf." – **Hein du Toit** van Stellenbosch, MBA 1998

"Oudmatieskap is 'n *inbors* wat adverteer dat jy op Stellenbosch gestudeer het. Oudmatieskap verbly 'n mens altyd en verfris jou gedurig." – **Oscar Plichta**, minister van werke, vervoer en kommunikasie in Namibië

"Die gehalte-onderrig, die pragtige kampus en omgewing en net daardie lekker 'Matie-studentegevoel' is aangename herinneringe wat dit voorwaar 'n voorreg maak om 'n Matie te kon wees." – **Mardine Brooks** van Pretoria, BEd 1992.

"Ek is trots op al die innoverende dinge wat besig is om by die Universiteit van Stellenbosch te gebeur, maar baie bekommerd oor die slakkepas waarteen transformasie geskied.

"Die Universiteit van Stellenbosch is die beste universiteit in die land. 'n Goeie akademiese basis word by studente gevestig, maar dit berei jou nie altyd goed genoeg voor vir die praktyk nie. Derhalwe verg dit groot aanpassings wanneer jy die praktyk betree." –

Sybert Liebenberg van Pretoria, MA (Openbare en Ontwikkelingsbestuur) 1996

Marelize de Villiers, entrepreneur en oud-onderwyser van George (1978-'82) sê haar Oudmatieskap is 'n goeie aanknopingspunt in haar werk en kontak met kliënte. "En ek hou van die gesellige samesyn op die reünies wat deur die US-streekbestuurders (Bemarking & Kommunikasie) gereël word."

"Ek is uiters trots op my Oudmatieskap." – **Anso Kellerman** van Pretoria, HonsBA (Ontwikkelings-administrasie) 1989.

Gusta Smit van De Aar (BSc in Fisioterapie 1976) sê haar Matie-studentejare het kosbare lewensondervinding gebied, en sy put steeds uit die selfvertroue en doelgerigtheid wat sy as Matie aangekweek het.

"Dit is vir my lekker om te sê dat ek op Stellenbosch gestudeer het. Ek verlang dikwels na my universiteitsjare." – **Inge de Villiers** van Durban, BA in Beeldende Kunste (grafiese ontwerp) 1990

"My vrou is 'n (oud)student van 'n ander universiteit). *Matieland* laat haar gevolglik koud. Sy sê Maties is meesters van groeidentifisering. Met Afrikanerdom. Kultuurinstansies. Noem maar op. Boonop besing hulle gedurig hul alma mater se lot.

"Dalk is sy reg. Al wat ek weet, is dat sy nooit langs Stellenbosch se eikelanings klas toe geloop het met 'n uitsig op bergpieke nie. Sy ken nie die geur van Mammaroma nie. 'n Roomys langs die Eersterivier het haar verbygegaan.

"As ek die naam 'Matie' hoor en ek sien haar onbegrypende oë, bloei my hart." – **Dirk Verkuil**, Pietermaritzburg (BA, LLB, 1983-'87)

"Oudmatieskap bied vir my die voorreg van toegang tot sake- en sosiale verbintenisse met mense wat 'n gebalanseerde uitsig op die lewe het." – **Derek Brugman**, 'n makelaar van Parkhurst, Johannesburg

"My Oudmatieskap beteken vir my om deel te wees van 'n groep; om 'n verbintenis met my alma mater te hê. En dis lekker om te sien hoe Oudmaties presteer." – **Mardie Steenkamp** (BA, HonsBA, HOD 1982, '83, '84) van Kamieskroon. 'n oudonderwyser wat nou saam met haar Oudmatie-man in die toeristebedryf is.

"Op my lessenaar is 'n papiergewiggie met die woorde: 'Vir my is dit die grootste eer / Ek het in Stellenbosch studeer.' Dit is, letterlik, wat Oudmatieskap vir my beteken.

"Ek lyk nou terug na 50 jaar gelede, maar dit bly vars in my gedagtes. Ek voel goed oor elke prestasie van die Universiteit – van die onlangse oorwinning van die rugby-klubkampioenskap, die getal Maties en Oudmaties in die Springbokspan, die akademiese en ander prestasies van Maties of Oudmaties – dit is my mense van my Universiteit wat dit doen!" – **Andries Schreuder**, Springbok, Noord-Kaap

"As Oudmatie dink ek baie keer met trots en dankbaarheid terug aan die wonderlike voorreg wat ek, my vrou en ons drie kinders gehad het om op die natuurskone Stellenbosch te kon studeer – aan 'n universiteit wat vir ons oneindig baie beteken het in terme van die vorming vir ons beroepe, ons menswees en ons godsdiens.

"Ek kom ook dikwels met mede-Oudmaties in aanraking by Oudmatie-byeenkomste, of in die daaglikse handel en wandel." – **Nokkie Coetzee**, MComm 1969, Porterville

Wat sê die heel jonger garde Oudmaties? Hier is die menings van twee van hulle wat net verlede jaar afgestudeer het:

"*Matieland*: te veel 'wingerde', te min tyd. Gelukkig duur my Oudmatieskap 'n ewigheid!" – **Mariaan van Velden** (BSc Fisioterapie 1997)

Selfs as 'n jong Oudmatie, geniet ek reeds 'n voorsprong in die lewe. Dankie, Stellenbosch!" – **Scholtz Marais** (MB, ChB 1997)

'Vir my is dit die grootste eer Ek het in Stellenbosch studeer'

Die Konvokasie is onlosmaaklik en inherent deel van Oudmatieskap. Dit is as't ware die onderbou van Oudmatieskap. As statutêre segment van die US bestaan dit reeds 80 jaar

KONVOKASIE

BIND OUD EN JONK SAAM

Alle gegradueerde US-oudstudente, wêreldwyd, en ook akademiese personeel wat elders gegradueer het, is outomaties Konvokasieledede.

Die Konvokasie moet minstens een keer per jaar formeel vergader – dit gebeur gewoonlik einde November. Alle Oudmaties ontvang later die notule van die jaarvergadering (dit word gewoonlik saam met die nuusbrieff AlumnUS gepos). Kennisgewings van komende jaarvergaderings word in die media geplaas, en gepos aan konvokasieledede wat redelik naby Stellenbosch bly.

Die Konvokasie se president, prof Theo Pauw, wat ook 'n oud-Raadslid is, sê Konvokasie is die forum waar lede inligting oor die Universiteit kan kry en inspraak lewer in sake wat die Univesiteit raak.

Prof Mike de Vries, 'n gewese Rektor en Visekanselier, wys daarop dat lede van die Konvokasie ses lede in die Raad, die US se hoogste bestuursliggaam, verkies.

Prof De Vries is visepresident van die Konvokasie. Saam met die president en die registrateur is hulle die Konvokasiebestuur wat gereeld oor saamtrekke en skakeling met oudstudente geraadpleeg word. Die bestuur is in die loop van die jaar ontvanklik vir versoeke en wenke van lede, bv. oor sake wat voorspruit uit mosies wat voor die vergadering van die Konvokasie gedien het.

Prof Pauw sê vir hom as Oudmatie vervul die Konvokasie 'n belangrike rol as kommunikasiemedium – hetsy by vergadering of deur middel van *Matieland*. "Die informele gedagtewisseling tussen lede op die gesellige byeenkoms na afloop van elke vergadering lewer 'n belangrike bydrae," sê prof Pauw.

Een van die bekendste Oudmaties in die land en self 'n man wat agt jaar president van die Konvokasie was, prof Bun Booyens, sê in die lig daarvan dat dié liggaam geroepe is om voortdurend oor die belange van die Alma Mater te besin, te waak oor die waardes wat die Universiteit tradisioneel verteenwoordig en as 'n buitestutmuur die US te steun en te beskerm, moet die Konvokasie deurlopend probeer om homself van binne te motiveer en desnoods te herstruktureer.

"Sodoende sal die Konvokasie meer wees as 'n jaarlikse kaggelvuurtjie in

die gloed waarvan lede hulle behaaglik nostalgies kan verkneukel."

Om Bun, soos hy alom bekend is, sê die paar honderd Oudmaties wat geografies so gelukkig geplaas is om die Konvokasie se vergadering jaarliks op Stellenbosch te kan bywoon, moet steeds onthou dat hulle 'n leëerskare enersvoelendes, wat lands- en wêreldwyd versprei is, vereenwoordig.

Prof Booyens meen die bestuur kan straks oorweeg om 'n meer informele beeld aan die Konvokasie se jaarvergadering te verleen – soos saamtrekke in die hinterland. "Aantreklike aanbiedings, spesifiek rakende die aard van die hooftema, sal by oud en jonk byval vind."

Oom Bun sê uit navraag oor die buitengewoon goeie bywoning deur jonger oudstudente verlede jaar, het die geblyk dat die tema, *Entrepreneurskap*, die groot trekpleister was.

'n Venuwing waarna moontlik gelyk kan word, sê prof De Vries, is om op gereelde basis jaargroepe (die ekwivalent van die Amerikaanse universiteite se "class of 19." gedagte) na die kampus te nooi en so 'n besoek met ander belangrike Universiteitsgebeure te laat saamval.

Die president, prof Pauw, sê daar is die afgelope paar jaar indringend gelyk na die moontlikhede van sinvolle venuwing. Die skynbare gebrek aan belangstelling onder die jonger garde in die Konvolasie vra aandag.

"Maar," sê prof Pauw, "ons handhaaf 'n sterk oortuiging dat daar nie oorleueling met die bedrywighede van die Afdeling Bemaking & Kommunikasie moet wees nie. Dié reël o.m. elke jaar verskeie saamtrekke van Oudmaties dwarsoor die land, dit is groepe belanghebbendes wat feitlik almal lede van die Konvokasie is en ruim getalle jong mense insluit. Sigbare desentralisasie van formele vergaderings van die Konvolasie sou waarskynlik 'n goeie doel kan dien, maar tot dusver was daar geen oortuigende rede om sulke saamtrekke, or streekbyeenkomste, net onder 'n ander naam te laat plaasvind nie."

Om Bun spreek die laaste woord: "Verre daarvandaan om dit ydelik op die winde te strooi, weet ons dat die US se Konvolasie die lewenskragtigste onder SA universiteite is. Dit is ons trots en bate en vra derhalwe voortdurende versorging en koestering. Mag Konvolasie vorentoe as saambindende orgaan in sy diensbaarheid en daadwerklike betekenis nooit te kort skiet nie!"

– Douglas Davis



Reunion in Europe

Manu Vandenbulcke and Kris Deklerck, with Alison April of the University's International Office, at the first official reunion of International Office students, at the Belgium university town of Leuven, in October. About 50 former international students (1995-'98) from Belgium, The Netherlands, Germany, the UK and France, as well as Stellenbosch exchange students from the KU Leuven attended the evening's festivities. Thomas van Houtte (a former exchange student from the KU Leuven) and Dominique Mernier (a former Law student at Stellenbosch) assisted Alison with the arrangements. The reunion coincided with her visit to Stellenbosch's partner universities in Belgium and The Netherlands.

WAAR'S DIÉ 30 000 OUDMATIES?

Wil u as Oudmatie graag met u alma mater in voeling bly? Dit hou allerhande voordele in, soos uitnodigings na reünies en die Konvokasie se jaarvergadering, of die weersiens van ou klasmaats en ander vriende uit jou studentedae

Die Universiteit wil graag dié bande behou. Malena Fourie is verantwoordelik vir die Oudmatie-databasis wat sowat 90 000 name en adresse bevat, maar waarvan 30 000 ongelukkig as foutief beskou word.

Die databasis moet so aktief moontlik gehou word, sê Malena. Die Universiteit wil Oudmaties op die hoogte hou van nuwe ontwikkelinge en belangrike gebeurtenisse. Mense moet na die Konvokasie genooi word en hulle moet kan stem vir die ses lede van die Universiteitsraad wat deur die Konvokasie se lede verkies word.

Om reünies (van 'n fakulteit, koshuis, klas, Matie-studentevereniging, sportklub of wat ook al) en Oudmatie saamtrekke te hou, moet die mense wat dit reël, inligting van die databasis kry. Almal wat genooi moet word, kan nie altyd opgespoor word nie – omdat die Universiteit nie hul nuutste adresse het nie. Dikwels verander Oudmaties van werk en blyplek, sonder om daaraan te dink om hul nuwe besonderhede aan die US te verskaf.

In 1998 is 23 Oudmatie saamtrekke dwarsoor die land en in Namibië gehou, waarby altesaam 1 698 mense betrokke was. Vir 1999 word ook soveel saamtrekke beoog.

Die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk, wil ook hê daar moet twee keer per jaar reünies in die buiteland gereël word, op plekke waar daar groot konsentrasies van Oudmaties is. Vanjaar was daar byvoorbeeld so 'n groot byeenkoms in Toronto, Kanada, asook een wat die Internasionale Kantoor in België gereël het vir studente uit die buiteland wat op Stellenbosch kom studeer het.

Mense wat weet van Oudmaties wat in die buiteland woon of studeer, kan gerus hul name en adresse vir Malena Fourie stuur.

Sy kry soms interessante navrae. Iemand het byvoorbeeld onlangs uit Engeland aan die *Eikestadnuus* geskryf oor 'n familielid wat hulle in Suid-Afrika wou opspoor. Die koerant het dit na Bemarking en Kommunikasie gestuur en Malena het dié Oudmatie, Thomas de Kock, wat in Rugby, Engeland, met 'n Britse vrou getrou het, se naam op die US-adreslys opgespoor en hom met die familie in Engeland in verbinding gebring.

Sulke inligting word natuurlik vertroulik gehanteer en 'n Oudmatie wat so gesoek word, kan self besluit of hy met die mense wat hom soek in verbinding wil tree. As 'n mens inligting wil hê, moet jy die een wat gesoek word se volle naam, en nooiensvan, indien van toepassing, asook geboortedatum kan verstrek.

Om die duplisering van pos uit te skakel, moet 'n getroude paar laat weet as daar vir hulle saam net een posstuk, soos *Matieland* of *AlumnUS*, gestuur kan word. Vir Konvokasiedoeleindes kry elke Oudmatie egter 'n eie posstuk.

Waar Oudmaties ook al in werk- of sportkringe of in die samelewing rondbeweeg, kan hulle gerus ander Oudmaties aanmoedig om hul nuutste adresse en ander inligting vir die Universiteit aan te stuur. M

– **Malene Breytenbach**

Tree in verbinding met Malena Fourie, tel. (021) 808-3615, e-pos: mfour@maties.sun.ac.za of faks (021) 808-3800.

Real benefits - for university and alumni

Being a university alumnus means very different things to different people.

In Germany it means no more than being able to say: I graduated at a given university and therefore my degree has, or does not have, value in the job marketplace; whilst in America the financial contributions and goodwill from alumni is what stands between bankruptcy and affluence for many institutions.

According to Mr Robert Kotzé, Head of the University of Stellenbosch's International Office, continental Europe lacks the American traditions of fraternities and sororities in which students develop strong links with one another and where they develop traditions which are carried from generation to generation.

A "culture of reunions" exists in the United States that starts at school and is carried over

into college and university, says Mr Kotzé. Americans also tend to be more philanthropic and more easily open their chequebooks in support of world peace, the environment – and of course their Alma Mater.

In continental Europe the State tends to finance university studies. In fact, according to Mr Kotzé, students in some European countries receive allowances from the State to allow them to study. "They simply don't think of the university needing their money". In Europe students also tend to live in flats and not in organised communes, giving them less of a "residence culture" on which to build their bonds with the institution.

These differences are still marked, but globalisation, shrinking State support and corporate marketing trends such as loyalty and relationship marketing are resulting in more universities, including South African

universities, learning from the American models and they are starting to take notice of their alumni.

An alumni programme simply cannot work unless both the graduates and the university perceive that there could be real benefits from the relationship. According to Mr Kotzé, graduates from the more prestigious institutions such as Harvard, Oxford and Cambridge are keenly aware of the personal and career benefits they could derive from maintaining contact with other alumni through their Alma Mater. Here the universities play a key facilitating role.

Many South African universities are only now looking at developing their alumni relations, whilst others such as the University of Stellenbosch and a few others have well established and active alumni corps. M

– **Hans-Peter Bakker**

STUDENTEVERBLYF GROOT KRISIS

Dit is algemeen bekend dat studente en hulle ouers elke jaar vanaf November paniekerig raak oor studenteverblyf vir die volgende jaar. Daar is onlangs berig dat meer as 2 000 voornemende eerstejaars nie aanstaande jaar verblyf op Stellenbosch kan kry nie. En dan is daar ook nog talle huidige studente wat ook verblyf soek. Hierdie toestand vererger jaarliks.

In 'n poging om ouers en studente te help om dié probleem op te los, is 'n ooreenkoms onlangs gesluit tussen die advieskantoor van die US studenteraad, wat in die Neelsie geleë is, en Coetzenburg eiendomme in Kerkstraat. Coetzenburg eiendomme is reeds 17 jaar aktief in die mark bedrywig en sal ouers en studente behulp-




Dr Corrie Wessels

saam kan wees met die koop en verkoop van woonstelle, dorps huise en huise. Die persoon om hier te kontak is dr Corrie Wessels wat reeds 50 jaar op Stellenbosch woon. Boonop was hy meer as 20 jaar dosent aan die universiteit. Baie oudmaties sal hom onthou as rugbyspeler en spiesgooier. As gevolg van sy jarelange verbintenis met Stellenbosch en die universiteit is sy kennis en raad baie waardevol. Hy kan op die volgende wyses gekontak word

Tel: 021-883-8255
Sel: 083-261-2312
Faks: 021-887-1813
e-pos:
property@tevcom.co.za

Adres:
Kerkstraat 21
Stellenbosch 7600



COETZENBURG

EIENDOMME • REAL ESTATE

Tel: (021) 883 8255 Fax: (021) 887 1813 Cell: 083 261 2312

Studente en ouers wat belangstel om te huur, kan John Marx by Stellenbosch verhuring kontak. Selfs kamers aan of in huise kan gereël word.

Tel: 021-887-9061, Faks: 021-887-9050, E-pos: bjc@tevcom.co.za
Adres: Ryneveldstraat 11, 2de vloer, Andmargebou, Stellenbosch 7600

The University has produced another Category A researcher. The Foundation for Research Development (FRD) has honoured Prof Detlev Kröger (Mechanical Engineering) for outstanding achievements in his field. By MALENE BREYTENBACH

THERMAL ENERGY EXPERT JOINS A-TEAM

Only world-class research leaders in their respective fields of science, engineering and technology at South African tertiary education institutions obtain the FRD's coveted Category A status. Researchers are subjected to international peer group scrutiny, based on the latest five years of research output, a process managed by the FRD

Kröger, who is part-time director of the University's Institute for Thermodynamics and Mechanics, was appointed at Stellenbosch 30 years ago to develop aeronautical engineering and was made responsible for the post-graduate programme in engineering.

His interest turned to thermal energy systems and he became such an expert in this field that he has been acting as consultant to major industries such as Sasol and Escom as well as industries overseas. During his directorship of the Institute for Thermodynamics and Mechanics, it became so successful that it now generates 25% of the turnover of all the Engineering Faculty's institutes put together.

He qualified as mechanical engineer at the University of Stellenbosch (BSc, BEng 1962) and the Massachusetts Institute of Technology (MIT) in Cambridge, USA. In 1967 he obtained his doctorate at MIT. Since joining Stellenbosch University in 1968, he has acted as visiting professor to various universities in Germany and the USA.

Kröger has been a member of no fewer than 18 South African and international professional societies and committees, including the International Institute of Refrigeration, the Assembly of World Conference on Experimental Heat Transfer, Fluid Mechanics and Thermodynamics, the South African Institution of Mechanical Engineers and the Collegium of the Foundation for Research Development. He is associate editor of *Heat Transfer Engineering*.

The twelve awards he has received, include the South African Chemical Processing Award, the Gerard Swope Fellowship at MIT for "students of exceptional ability and promise, as a mark of highest distinction", the Ernest Oppenheimer Fellowship, the Havenga prize of the SA Academy of Arts and Science (1986), the Researcher of the Year award of the Faculty of Engineering in 1987 and a silver medal from the South African Institution of Mechanical Engineers.

In 1996 the dean of Engineering named him lecturer of the year. He is listed in *Marquis Who's Who in the World 1995* and the *American Biographical Institute, Five Thousand Personalities of the World*.

He has been invited to Australia, the USA, Israel and England to present courses and lectures. The pinnacle of his many publications is his recent book, *Air-cooled heat exchangers and cooling towers*, with 900 pages and as many references. It was printed by the University of Stellenbosch Printers. Part of the proceeds will go towards post-graduate bursaries for students.

"I would like Stellenbosch University and its Engineering Faculty to expand post-graduate activities to draw more students and to hold more national and international conferences, for which a new conference centre should be planned," said Kröger.



Prof Detlev Kröger, signing copies of his latest book

He has been promotor to 50 post-graduate students and nine of his ex-students are professors of Engineering at various universities. He ascribes the prestigious FRD award to his love of his work and the support of his wife, Regina, a well-known artist. They have a daughter (who is also an engineer) and two sons – all three of them are Oudmatics.

Detlev Kröger looks forward to many years of research and envisages exciting projects such as a sun energy station for South Africa, to be developed in the Kalahari.

Uitwissing bedreig die rooivalkies wat in Europa en Asië broei – en jaarliks 10 000 km Suid-Afrika toe vlieg. BUN BOOVENS het gesels met 'n US-navorsers wat bedreigde roofvoëls bestudeer

SKOOLMEISIE HELP US-NAVORSER MET ROOFVOËLSTUDIE

'n Stellenbosse voëlkenners en 'n lid van die Vrystaat se samewerking oor 'n bedreigde roofvoël het gelei tot 'n belangwekkende referaat by 'n wêreld-simposium

In Augustus het Riana Botha, 'n matriekleerling van Vrede, en Dave Pepler van die US se Departement Natuurbewaring 'n referaat oor die klein rooivalkie (*Falco naumanni*) gelewer by die vyfde Wêreldkonferensie oor Roofvoëls en Uile wat vanjaar in Suid-Afrika, by Midrand, gehou is.

Riana was in standerd ses toe sy vier jaar gelede begin het om saans die rooivalkies in die bloekom- en dennebome naby haar huis met 'n flitslig te tel. Pepler het haar in 1993 ontmoet toe sy by hom om hulp kom aanklop het terwyl sy saam met haar ouers met vakansie in die Kaap was. "Ek het haar aangemoedig om boek te hou van haar data, maar nie gedink daar sou veel van kom nie.

"Vier jaar later het ons haar data per pos ontvang. Ek was regtig uit die vold geslaan. Dit was ongelooflik volledig. Sy het die voëls getrou elke aand gaan tel vir die ses maande wat hulle in Suid-Afrika is. Sy het detail-inligting ingesamel waarvoor voltydse navorsers eenvoudig nie die tyd het nie."

In dié vier jaar het sy noukeurig boekgehou van die aantal voëls – soms was daar meer as 10 000 van hulle – en ook volledige weerdata ingesamel.

Pepler, wat die rooivalkie reeds meer as tien jaar lank bestudeer, en sy kollega Berty van Hensbergen kon die data wat Riana versamel het, gebruik om 'n referaat vir die wêreldkonferensie voor te berei.

Agtergrond: Die klein rooivalkie, 'n waterverskildery deur Graeme Arnott. Die werk is afgedruk op die etikette van wyne wat die Vriesenhof-landgoed (van die bekende Oudmatie Jan Boland Coetzee) met die Wêreld-Natuurfonds (WWF-SA) se steun verkoop ten bate van Pepler se navorsing oor dié bedreigde voëlsoort. Die klein rooivalkie is gelys as 'n spesie wat wêreldwyd bedreig word.

"Alle referate word voorgelê, maar net dié wat goed genoeg geag word, word aanvaar," sê Pepler. "Riana se data was werklik uitstekend, en ons kon gesamentlik 'n aanbieding lewer voor van die wêreld se voorste roofvoëlkenners."

Die valkies broei in Europa en Asië, maar trek elke jaar vir die suidelike somer na Afrika. Die oorgrote meerderheid eindig hul maraton-tog van 10 000 kilometer ses weke later in Suid-Afrika, waar hulle op die grasvlaktes van die binneland jag. Nie almal haal egter hul bestemming nie. Oor Noord-Afrika en die Midde-Ooste word die voëls op groot skaal deur trofeejagters geskiet. Altesame 800 dooie voëls, waaronder 170 rooivalkies, is al in die vrieskas van twee broers op die eiland Malta gekry.

"In Afrika word gifstowwe soos Dieldrin en selfs DDT nog gebruik," sê Pepler. "Baie van die

Omdat die voëls klein is om 'n radiosender te dra, is dit moeilik om hulle op hul migrasieroetes te volg. "Die enigste manier om rêrig iets te wete te kom, is om self te gaan kyk," sê Pepler, wat die afgelope dekade die uithoeke van die voël se verspreidingsgebied besoek het, van Spanje in die weste tot Kazakstan se Steppe in die ooste.


"In Kazakstan is daar genoeg plek om nes te maak – die plek is verstommend leeg – maar daar's nie kos nie. Ná die val van Kommunisme het oorbeweiding deur bokke ontsaglik toegeneem. In dele van Spanje is die valkie op die rand van uitsterwing. Byna niks van die natuurlike plantegroei bly oor nie. Die voëls jag in die dun onkruidstrokke aan die kant van landerye. Sedert 1950 het hul getalle in Wes-Europa met sowat 95% afgeneem."

Volgens Pepler is die rooivalkie 'n belangrike

Pepler het in die afgelope dekade die uithoeke van die voël se verspreidingsgebied besoek - van Spanje in die weste tot Kazakstan se Steppe in die ooste

valkies word vergiftig wanneer hulle stop om spinnekoppe, termiete, sprinkane en akkedisse te vreet."

indikatorspesie. "As dit sleg gaan met die klein rooivalkie, is die kans goed dat dit ook sleg gaan met ander spesies." Die oplossing? "Ons sal eenvoudig opofferings moet maak. As elke boer in Suid-Afrika net 'n onkruidstrook van een meter aan die rand van sy gesaaides los, dink net hoeveel jagplek sal die rooivalkie wen..."



Inset: Riana Botha by een van die bome naby haar huis in die Vrystaat waar sy data oor die rooivalkies versamel het.
Links: Dave Pepler met 'n jong witkruisarend wat aan 'n valkenier van Stellenbosch behoort. As roofvoëlkenners adviseer Pepler die Wes-Kaapse Departement Natuurbewaring, onder meer oor toestemming aan lede van die Kaapse Valkeniersklub om roofvoëls aan te hou

Sedert 1688 het 'n oorerflike siekte so versprei dat dit nou tussen 10 000 en 20 000 Suid-Afrikaners raak. TERRY NEL vertel van die genetica-navorsing hieroor

HULP VIR DUISENDE MET OORERFLIKE SIEKTE

Vryburger Gerrit Jansz van Deventer se troue met 'n Hollandse weesmeisie, Adriana Jacobs, in 1688 het verreikende gevolge gehad. Een van hulle (waarskynlik Adriana) was 'n draer van 'n oorerflike siekte wat vandag na raming tussen 10 000 en 20 000 Suid-Afrikaners raak

Die siekte, **variëgate porfirie** (VP), kom meer in Suid-Afrika as in enige ander land in die wêreld voor. Dit word toegeskryf aan die "stigterseffek": 'n VP-lyer was toevallig een van die eerste immigrante aan die Kaapse nedersetting waar die gemeenskap baie klein was. Groot families was aan die orde van die dag en die bevolking het vinnig vermeerder; so ook die getal VP-lyers.

Een van die egpaar se agt kinders het in 1720 met 'n Van Rooyen getrou en daar is toe vir 'n ruk na VP as "Van Rooyen se velsiekte" verwys.

"'n Stigterpopulasie soos die Afrikaner is enige genetikus se droom," vertel dr. Louise Warnich, molekuleêre genetikus van die Departement Genetika aan die Universiteit. Maar die siekte is lankal nie meer beperk tot 'n paar familienaam of Afrikaanssprekendes nie. "Dit kom ook voor by baie Engelssprekende Suid-Afrikaners."

Dr. Warnich is reeds geruime tyd betrokke by navorsing oor VP in Suid-Afrika. In 1995 is die defektiewe geen wat VP veroorsaak, deur 'n groep Japannese gekloneer en in 1996 is die mees algemene Suid-Afrikaanse mutasie, wat by 90

persent van die draer-families voorkom, gevind.

Nie almal wat die defekte geen het, vertoon kliniese simptome nie. Die simptome van VP, as dit wel voorkom, kan velverwant wees, soos sensitiviteit vir die son en 'n vel wat maklik letsels maak, maar sommige lyers kan ook 'n akute aanval kry wat tot die dood kan ly indien mediese behandeling nie verkry word nie. Omdat sommige geneesmiddels, o.a. sommige narkosemiddels, so 'n akute aanval kan veroorsaak, is dit belangrik dat mense moet weet of hulle VP-lyers is al dan nie.

En dit is hier waar die navorsing so 'n belangrike deurbraak gemaak het. Voorheen kon daar biochemies eers ná puberteit getoets word of iemand 'n VP-lyer is; 'n spesiale dieet moes vir 'n paar dae gevolg word en steeds was die resultate nie altyd akkuraat nie. Nou kan daar op enige ouderdom 'n bloedmonster geneem en spesifiek vir die mutasie getoets word.

"Mense wat weet hulle het die VP-stigtergeen in hul familie kan nou almal hul kinders laat toets. Baie mense is dalk in die verlede verkeerdelik gediagnoseer en met die DNA-toets is dit nou maklik en vinnig om doodseker te maak van die diagnose," sê dr. Warnich.

Die volgende kopkrapper is die groot variasie van simptome onder VP-lyers en navorsing is nou daarop gemik om te bepaal of ander genetiese faktore dalk daartoe bydrae.

Dr. Warnich is ook betrokke by landbounavorsing. "Ons werk op DNA-vlak, dus is daar nie veel verskil tussen navorsing op mens en plant nie, want dieselfde tegnologie word gebruik om gene en genetiese defekte te identifiseer," verduidelik sy.


Siektes by aartappels

Navorsing word onder meer gedoen op kultivariëntifikasie en bruinskurfsiekte by aartappels. Bruinskurfsiekte veroorsaak jaarliks groot oesverliese in Suid-Afrika en daar word gepoog om uiteindelik die gene wat natuurlike weerstand teen die siekte bied, te identifiseer en te kloneer. Terselfdertyd word op DNA-vlak gekyk na die bakterie wat die siekte veroorsaak, iets wat nog nooit voorheen in Suid-Afrika gedoen is nie.

Molekulêre genetica is een van die opwindendste en snelgroeiendste velde – wat oplossings vir baie mediese en landboukundige probleme kan bied, en navorsing hieroor geniet hoë prioriteit aan die US. **M**

Genetika en Genealogie

Genetikanavorser dr Louise Warnich (regs) by mej Heidi van Deventer, 'n nasaat van die stamouers wie se troue in 1688 daartoe gelei het dat duisende Suid-Afrikaners die oorerflike siekte variëgate porfirie (VP) het. Heidi, wat nie aan die siekte ly nie, is 'n nagraadse geografiestudent op Stellenbosch. Haar pa, mnr Johan van Deventer, 'n Oudmatie van Pretoria, stel nou die Van Deventers se stamboom volledig op. Hy is die Genealogiese Vereniging se Noord-Transvaalse takvoorsitter. **M**



© ANTON JORDAAN

Leer jy iemand visvang, voed jy hom vir 'n leeftyd, lui 'n ou Sjinese gesegde. Op Stellenbosch word dit verder gevoer met opleiding en voerpuntnavorsing oor visteelt en -verbouing

AKWAKULTUUR

BLY VOOR NA 'N DEKADE

Natuurlike visbronne kwyn oral. Dis oorbenut in 13 van die wêreld se 15 oseane. Daarom is die grootskaalse tegnologiese vooruitgang en ontwikkeling van akwakultuur (die wetenskap van visteelt) so belangrik

In Suid-Afrika neem die US hier die leiding. Die Fakulteit Landbouwetenskappe se Akwakultuur-afdeling is vanjaar tien jaar oud. Dié dekade se hoogtepunte rakende opleiding, navorsing en ontwikkeling sluit in: tegnologie vir die geslagsmanipulasie van visspesies, die implimentering van 'n kleinboer ontwikkelingsprogram, die ontwikkeling van kommersiële visvoere asook medewerking met 'n aantal plaaslike en oorsese instansies.

Die US se akwakultuur-kursus is steeds Suid-Afrika se enigste voorgraadse universiteitskursus in dié rigting. Dis boonop besonders, want dit word met bydraes van vyf departemente aangebied: Genetika, Voedselwetenskap, Veekundige Wetenskappe, Dierfisiologie en Soölogie. Sodat vyftig studente volg jaarliks die kursus, oor twee semesters. Ses studente doen M-grade en een 'n doktorsgraad.

Navorsing het al baie vermag. Die forelteelprogram – toegespits op genetiese verbetering – het forelteelne gelewer met 'n 16 persent beter groeitempo na vyf geslagte se seleksie. Die produksiesiklus is reeds drie maande korter. Boere kry die geneties verbeterde forel as eiers of vingerringe. Dit geld vir 80 persent van alle Wes-Kaapse forelproduksie. In die Wes-Kaap is 48 produsente en landwyd 74.

“Sedert die teelprogram begin het, het produksie in die Wes-Kaap sterk toegeneem,” vertel Danie Brink, hoof van Akwakultuur en ook die Akwakultuurvereniging van Suider-Afrika se voorsitter. “Wes-Kaapse produsente lewer nou meer as 40 persent van die SA forelproduksie,” sê hy.

Verder is die tegnologie van geslagsmanipulasie (om slegs wyfienageslagte te kan teel) as standaardpraktyk in die bedryf gevestig. Dit het aansienlike groeitempo- en vleiskwaliteit-voordele vir produsente.

Navorsing oor geslagsmanipulasie en genetiese verbetering is twee jaar gelede ook uitgebrei na tilapia, 'n eetbare, inheemse warmwatervis. Verskeie oorsese en handelsvennootskappe help hiermee – byvoorbeeld die Universiteit van Wallis, Swansea, wat R2,2 miljoen in drie jaar bydra, onder meer vir 'n nadoktorale pos.

Deur Terry Nel



Danie Brink (regs) en dr Louw Hoffman (Veekundige Wetenskappe) by die nuwe tilapia-teeleenheid wat Agrelek op die Welgevalle-proefplaas borg.

Die Universiteit van Leuven, België, se samewerking oor water-ekologie en reproduksie-fisiologie is sowat R150 000 per jaar. Ander medewerkers sluit in Israel se organisasie vir landbounavorsing en die Asiatiese tegnologie-instituut van Thailand. SA medewerkers is o.m. die Wes-Kaap se Departement Landbou, die Landbou Navorsingsraad en die Universiteit van die Noorde.

'n Volledige reeks kommersiële visvoere, ontwikkel deur die Akwakultuur-afdeling, het gelei tot WPK Landbou se borgskap van R1 miljoen oor vyf jaar. Dit sluit 'n voedingskundige se pos in asook die projek se bedryfskoste. 'n Moderne visvoerfabriek word teen R7 miljoen vir WPK Akwavoere op Malmesbury gebou.

Akwakultuur se kleinboer-ontwikkelingsprogram (aangepak in die Wes-Kaap in 1995)

help dié boere met visproduksie-ondernemings – vir ekstra inkomste, opleidingsgeleenthede en bekostigbare proteïenbronne op die platteland. Dit brei binnekort Noord-Kaap en Oranjerivierstreke toe uit. Vyf nuwe projekte word ook vir 1999 beplan: o.m. by Suurbraak, Worcester en Grabouw.

Akwakultuur het baie in 'n dekade bereik. Maar Brink het steeds groot planne, soos om 100 kleinboere teen 2005 te vestig, of dat akwakultuur 'n integrale deel moet wees van die opleidingsprogramme binne die raamwerk van die nuwe nasionale opleidingstrategie wat vanaf 2000 aan die US ingestel word.

Vir die SA visbedryf se internasionale mededingendheid, is doeltreffende tegnologie-oordrag tussen die US en buitelandse instansies noodsaaklik. Daarom word met Frankryk se nasionale navorsingsagentskap oor nog 'n samewerkingsooreenkoms onderhandel, sê Brink.

'n Netwerk vir visteelt-opleiding en navorsing in Suider-Afrika kry ook aandag en 'n teelafdeling vir ornamentele spesies (goud- of tropiese visse) word by die US beoog.

Die Universiteit se Akwakultuur-mense wil voorby met dié noodsaaklike – en wêreldwyd mededingende – bedryf. **N**

Werkers by die foreldamme van die Jonkershoek-visteelstasie.



SYBELLE ALBRECHT skryf oor 'n partytjie waar navorsers vertel het van hul deurbrake, en ouers van hul vreugde

KLINIEK SE 'WONDERWERKIES' OUERSKAP NÁ TELEURSTELLING

Ons oorbevolkte wêreld met debatte oor gesinsbeplanning en aborsiewetgewing laat vergeet 'n mens maklik van ouerpare wêreldwyd wat "deur vuur sal loop" om 'n eie kind te hê

Meer as twintig sulke egpare het vroeër vanjaar by die Fakulteit Geneeskunde hulde gebring aan die Stellenbosch/Tygerberg Infertiliteitskliniek se dokters en navorsers wie se baanbrekerswerk in die afgelope 16 jaar verseker het dat die meeste onvrugbare egpare nou betreklik maklik gehelp kan word.


Die egpare en hul kroos by dié partytjie was slegs 'n klein persentasie van die duisende pasiënte oral uit Suid-Afrika, ander Afrikalande soos Zimbabwe, Namibië en die Kongo, en selfs uit Amerika en Europa wat by die kliniek hulp vra – dikwels na talle teleurstellings en vergeefse pogings elders.

So 'n pasiënt, mnr Gert Kruyer van Kuilsrivier, het treffend vertel hoe hy dwarsdeur die land van een dokter na die ander verwys is en uiteindelik skriftelik moes hoor dat hy nooit sy eie kind sou hê nie. 'n Vriend het hom egter van die kliniek vertel en twee jaar gelede is sy dogtertjie, Christie, gebore, danksy die behandeling wat hy en sy vrou gekry het. "n Kind van jou eie is die grootste gawe wat 'n mens kan ontvang," het hy gesê.

Christie was die eerste "ICSI-baba" in Afrika. Sy is 'n "wonderwerk" van tegnologie en kundigheid wat spesifiek ontwikkel is om manlike infertiliteit te behandel deur middel van die Intrositoplasmatische Semeninspuiting (die mikro-inspuitingsmetode). Spermelle uit die man word regstreeks in eierselletjies van die vrou ingespuit. Na 'n paar uur, as bevrugting plaasgevind het, word die embrio's in die vrou se buise teruggeplaas.

Die kliniek het al meer as 50 ICSI-babas opgelewer, en nog 'n aantal ma's verwag nou sulke babas. Een van hulle is mnr Kruyer se vrou, wat weer swanger is na 'n tweede mikro-inspuitingsbehandeling.

Prof Thinus Kruger, hoof van die Stellenbosch/Tygerberg Infertiliteitskliniek met een van die kliniek se ICSI-babas, Jacqueline Rossouw (1).



"Om mense só te help, is 'n dankbare beroep"

Mnr Van Zyl Henning, 'n Bolandse boer wie se vrugbaarheid geaffekteer is deur die chemoterapie wat hy as kind teen leukemie by Tygerberghospitaal moes kry, is deur prof Peter Hesselning van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid na die Infertiliteitskliniek verwys. "Dit is moeilik om aan mense te verduidelik wat dit vir jou heteken om na baie teleurstellings en jare se gewag, jou eie kind te hê," het mnr Henning gesê.

Naas die spannetjie ICSI-babas by die funksie, was daar ook 'n groepie ouer kinders wat die kliniek se vroeëre suksesse met infertiliteitsbehandeling verteenwoordig, soos Lize-Mari en Francois van der Westhuizen van Bredasdorp, wat 14 jaar gelede geskiedenis gemaak het as die heel eerste proefbuistweeling wat op die Afrika-vasteland gebore is, of die fraai Leandri Swanepoel, wat as die eerste 'bevroe embrio'-baba, negge jaar gelede die kollig gesteel het.

Spanlede van die Eenheid vir Reprodktiewe Biologie van die Departement Verloskunde en Ginekologie, het vertel van die revolusionêre vordering in die behandeling van onvrugbaarheid sedert die kliniek se ontstaan. "Ek is betrokke by die 'maak' van kinders," het dr Marie-Lena Windt de Beer, 'n navorsers wat haar doktorsgraad oor die ICSI-

metode gedoen het, gesê toe sy haarself aan die gaste bekend gestel het. "Dit is soos 'n droom wat waar geword het."

Die spanlede het vertel hoe die kliniek in die vroeë dae met geleende geld op die been probeer kom het, van laboratorium-muise wat in 'n kritieke stadium van die kliniek se navorsing die hasepad gekies het en van nuwe deurbrake, soos die ontwikkeling van 'n gerekenariseerde stelsel vir die evaluering van spermelle.

"Onvrugbaarheid raak twee uit elke tien egpare," sê die Eenheid se hoof,



Bo links: Mnr Gert Kruyler: "’n Kind van jou eie is die grootste gawe wat ’n mens kan ontvang." Bo regs: Lize-Mari (voor) en Francois van der Westhuizen van Bredasdorp, wat 14 jaar gelede geskiedenis gemaak het as die eerste proefbuisweeling in Afrika, met die kliniek se jongste tweeling, Faith en Anthony Adonis.

prof Thinus Kruger. "Danksy die revolusionêre deurbrake in die behandeling van onvrugbaarheid en ander toestande wat swangerskap bemoeilik, kan die meeste van hulle egter nou gehelp word.

"Om mense só te help, is ’n dankbare beroep," sê Kruger. "Dit bly egter ’n spanpoging en enige sukses wat ons behaal is onderworpe aan die Genade van Bo."

Die Eenheid se suksesse, selfs vir hulle wat hul kinderloosheid as deel van die noodlot aanvaar het, kan gemeet word aan die mylpale sedert die Eenheid in April 1984 die geboorte van Afrika se eerste proefbuisbaba bekend gemaak het:

- Sedert die geboorte van dié seuntjie (nou reeds ’n tiener) was die Eenheid verantwoordelik vir meer as duisend proefbuisbabas.
- Kort daarna rapporteer die Eenheid die geboorte van die eerste proefbuisweeling.
- Leandri Swanepoel se geboorte, ’n paar jaar later, was weer nuus: dit was die eerste geslaagde bevrore embrioswangerskap.

"Die 'maak' van kinders is 'n wonderwerk wat waar geword het"

■ Die kliniek se volgende "eerste" vir Afrika was die eerste ICSI- baba, in November 1995.

Die Eenheid se navorsing oor manlike infertiliteit geniet internasionale aansien. Lede gee gereeld uitnodigingslesings by internasionale kongresse. Drie teksboeke oor "Geassisteerde reproduksie en manlike infertiliteit", onder die redaksie van senior wetenskaplikes en geneeshere van die Eenheid en die Jones Instituut in Amerika, het reeds die lig gesien. En die Eenheid bied vir jare al ’n volledige infertiliteitsdiens met mikrochirurgiese en endoskopiese chirurgie.

Die jongste internasionale deurbraak is met gevorderde rekenaartegnologie wat sperms se vorm evalueer – om vrugbaarder van minder vrugbare pasiënte te onderskei en so die soort behandeling te bepaal. Vir mans met ’n lae persentasie normale sperms is mikro-inspuiting eerder as proefbuisbevrugting aangewese. ’n Suid-Afrikaanse ingenieur, mnr Conrad du Toit, het die sagteware ontwerp vir dié stelsel, wat gou internasionaal aandag getrek het. Dit is al in Engeland en Duitsland bekend gestel. ■

WEER ’N VROU AS SR-VOORSITTER

Die Maties het vir die derde jaar na mekaar ’n vrou as studenteraadsvoorsitter. Wynoma Michaels is ’n M-student in Polimeerwetenskap wat voorheen aan die UWK gestudeer het. Sy beskou dit as belangrik dat die Universiteit in Suid-Afrika en internasionaal mededingend bly. "Verandering is noodsaaklik, maar dit beteken nie ’n verla-



ging van standarde nie."

Michaels is een van die tien SR-vroue, teenoor net vyf mans. In 1991 was Erica Venter (nou Hofmeyr) die eerste vrou om die Matie-SR te lei. Daar is nou voorgraads feitlik ewe veel Matie-mans en -vroue (5 707 en 5 699) maar nagraads is daar sowat twee mans vir elke vrou. ■

Stellenbosch University has appointed a Chinese scholar to teach Maties the language spoken by the greatest number of people in the world today – an estimated 544 million people in China alone. MURIEL HAU-YOON reports

CHINESE MINISTER LAUNCHES MANDARIN LANGUAGE COURSE

Growing trade and diplomatic relations between South Africa and the People's Republic of China (PRC) have culminated in the introduction of a Mandarin language and Chinese culture course at Stellenbosch University

This was announced in Stellenbosch in October by Mr Sun Jia-Zheng, Minister of Culture of the PRC, who was on a five day tour of South Africa.

Prof Andreas van Wyk, Rector and Vice-Chancellor of the University, said Mandarin is the language spoken by the greatest number of people in the world today. An estimated 544 million people in China alone converse exclusively in this language.

"Since the formalisation of South Africa's diplomatic relations with the PRC last year, interest in Mandarin has grown dramatically among South African business people and government officials," said Van Wyk.

The University has appointed Ms He Xiaoping, professor in the Department of Foreign Languages at China Agricultural University, to establish an introductory course in Mandarin and Chinese culture at Stellenbosch, starting in January 1999.

The MIH Group will sponsor the course to the amount of R200 000 per annum for at least three years.

Prof Rainer Kussler, Head of the Department of Modern Foreign Languages at Stellenbosch, said the purpose of establishing this course was to offer students and the public the opportunity of learning to communicate in Mandarin and to familiarise themselves with modern Chinese culture.

"This will enable South Africans to interact more effectively with China in trade and scientific and scholarly exchange. Further courses will be developed according to local needs," said Kussler.

In his speech, Sun said that by mastering Mandarin, one was able to gain valuable insight into China's 5 000 year-old civilisation. "Cultural exchange is the best channel for humankind to promote friendship and

"In the 21st century, English and Mandarin will be the two most important languages to gain access to the international community ... If South Africa is serious about doing business with Asia, we will need to master Mandarin"

language is the most basic tool for promoting mutual understanding. Although it is not easy to learn the Chinese language, it is the key to a rich treasure house of Chinese culture," he said.

The introduction of the course co-incided with the launch of M-Web's new Website entitled *China Bridge*. "It contains

the most up-to-date information on China and features a useful resource base of essential trade and business information for South Africans," says Bruce Cohen, general manager of M-Web Interactive. It can be accessed at mweb.co.za/china.

"In the 21st century, English and Mandarin will be the two most important languages to gain access to the international community. The status of several major European languages will probably lapse into regional usage only," said Koos Bekker, Director of the MIH Group.

"If South Africa is serious about doing business with Asia, we will need to master Mandarin. MIH has committed resources towards projects which will help forge stronger commercial and cultural links with China," said Bekker, who is an Oudmatie.

The MIH Group has already initiated a successful operation in Thailand and is establishing joint ventures in technology for pay television and Internet applications in several Asian countries.

■ Prof He (who has been with China Agricultural University since 1987) obtained an MA degree in English in the USA. Apart from being a professor in foreign languages there, she also serves as deputy director of that university's Centre for International Exchange. Prior to that she was deputy director responsible for graduate studies and co-ordinating the work of foreign experts. She has been attached to several publishing houses. M

掌握汉语，让你了解
中国五千年文明的精髓。

Mastering Mandarin, enables one to gain valuable insight into China's 5 000 year-old civilisation

FOSTERING A BETTER UNDERSTANDING OF JAPAN

CAROL CAMPBELL spoke to a Japanese professor who holds a new chair funded by a Japanese governmental body at Stellenbosch University

Mention Japan to a South African and inevitably the conversation turns to samurai warriors, geisha girls and maybe the devastation of Hiroshima and Nagasaki by atomic bombs in World War II.

The ongoing financial crisis in the world's second largest economy seems far too remote for it to have any real impact on the everyday life of ordinary people in Africa. It is this ignorance of Japan and its culture and economy which Professor Yoichi Mine, 36, head of Stellenbosch University's new unit for Japanese and Asian studies, aims to destroy.

The new chair is being funded by the Japan Foundation, a Japanese governmental body aimed at fostering a deeper understanding of the Japanese and Asian ways of doing business and living life.

The University was selected as the appropriate home of the programme because it expressed the most interest in building academic relationships between the two countries.

Professor Mine is no stranger to South Africa. He has visited the country a number of times and his major work, widely read in Japan, is a book called *South Africa: The Road to a Rainbow Nation*, published in 1996.

"The two countries face many common challenges," he says. For a start South Africa and Japan may have to co-operate as permanent members of an enlarged United Nations Security Council in fields like international conflict resolution, environmental protection and the realisation of a new international economic order. Many of the areas in common also relate to demographic trends and historical responsibilities.

The challenges the Japanese face in being accepted as part of Asia are very similar to the ones whites face in being accepted as part of the new South Africa.

"One major obstacle for Japan's reintegration with the wider Asia is the war crime issue." The Asian

Professor Yoichi Mine



Stellenbosch is the appropriate home of the new programme because it has expressed the most interest in building academic relationships between SA and Japan

victims of the atrocities inflicted by the Japanese military regime during the World War II have not been forgiven the Japanese government despite, says Professor Mine, a series of official regrets.

"There are contesting perceptions in Japan with regard to the interpretation of the past, some conservative politicians and historians still overtly praise the 'heroic self-sacrifice' of the imperial soldiers."

For this reason the process and outcome of the Truth and Reconciliation Commission has been carefully watched by concerned Japanese intellectuals. The motivation for Professor Mine's deep interest in South Africa's political

economy began as a "curiosity" but soon mushroomed into a deep commitment to the study of the "rainbow nation".

"A nation which I see as a microcosm of the troubled world we live in," he says. What the South African people have achieved through the thorny process of negotiation is of great significance to the rest of the world.

"Though I am not a naive optimist, I bet on the success of this country and am sure that it will still be worth careful study for non-South Africans for many years."

All eyes now though are on Japan which is still plagued by economic troubles. Japan's leading 19 banks have been forced to set aside 10.7 trillion yen, a half of South Africa's GDP, to get rid of bad loans. As a result, major banks reported a net loss for 1997 and are reluctant to extend new loans badly needed by Japanese firms in deep recession.

"The direct cause of the current setback faced by the Japanese economy can be attributed to the reckless lending behaviour of Japanese financial institutions during the 'bubble era' in the latter half '80s," says Professor Mine. "An enormous amount of money poured into the land and stock markets when the government adopted an 'easy-money' policy to boost domestic demand."


The aim of the policy was to curtail the country's mounting trade surplus. "Unusual speculation caused an excessive overheating of the economy and consequently the market collapsed in 1989: the burst of the bubble. Now banks cannot collect money from the non-performing real estates purchased at inflated prices.

"The fact is that the average land price in business districts of six major Japanese cities in 1997 has shrunk to merely one fourth of what it was at the heyday of the bubble level."


Already Professor Mine has begun decoding these complexities and the Japanese unique way of doing business. For Stellenbosch students, it's invaluable training set to put South Africa on a firm footing with one of its biggest international allies. ■

The challenges the Japanese face in being accepted as part of Asia are very similar to the ones whites face in being accepted as part of the new South Africa

Boukuns



Konservatorium-gebou (detail)



Detail uit die voorgewel van die Kweekskool-gebou. Die gewel is gebou in 1905, maar die oudste deel van die gebou dateer uit dorpstigter Simon van der Stel se tyd meer as 300 jaar gelede

Verskeie Universiteitsgeboue dra by tot Stellenbosch se boukuns-skat

DEEL VAN 'N RYKE ERFENIS

Op die drumpel van die 21ste eeu is Stellenbosch, Suid-Afrika se oudste dorp met sy ryk argitektoniese erfenis, besig om vinnig te verander – vanweë toenemende groei en snel bevolkingsdruk.

Die Stigting Simon van der Stel se plaaslike tak het onlangs in samewerking met die Universiteit 'n belangrike foto-uitstalling (geborg deur Sanlam) aangebied om die kollig te werp op die Eikestad se besondere natuurlike en kulturele bates, die gevare wat dit bedreig en moontlike oplossings vir sulke probleme.

Beplanners, argitekte, argeoloë en historici het saamgewerk aan dié bewusmakings-tentoonstelling, wat in die Universiteit se Kunstgalerie in Dorpstraat aangebied is. Daar word beoog om die uitstalling mettertyd permanent op Stellenbosch te vestig.



Onder die meer as 200 foto's op die uitstalling is 'n aantal wat US-geboue (van geskiedkundig tot modern) uitbeeld. Hier is van dié foto's, geneem deur WILLEM MALHERBE, voorsitter van die Stellenbosch-tak, Stigting Simon van der Stel. 



Helshoogt deur d

Voordeur, HB Thom-teater

Ou Hoofgebou (ingewy, 1886)




Plaastoneel met ou opstal, Welgevalle-proefplaas

Ongewone blik op die JH Neethling-gebou, van die (ondergrondse) JS Gericke-biblioteek se ingang af



'n Gewel van die eertydse skoolgebou (1907) wat die US Kunsmuseum in Ryneveldstraat huisves




Wantskoshuis: 'n moderne skepping van die voorste Kaapse restourasie-argitek Gawie Fagan




Detail van 'n deur, JH Neethling-gebou (Landbouwetenskappe), Victoriastraat

Geboutjie uit 1899 wat die US se eerste biblioteek gehuisves het



Ingang na die JS Gericke-biblioteek



Rustige tuin voor die oudste US-vrouekoshuis, Harmonie (1905)



HULDIGINGSBUNDEL UITGEGEE


Sintaksis op die voorgrond is onlangs as 'n huldigingsbundel bekendgestel. Prof Rufus Gouws en dr Ilse Feinauer (albei van die Departement Afrikaans en Nederlands, US) het die bundel saamgestel, om die dertigste bestaansjaar te herdenk van prof Fritz Ponelis, hoof van dié departement, se baanbrekerspublikasie, **Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis**. Die nuwe werk is ook die eerste wetenskaplike boek oor die Afrikaanse sintaksis van dié dekade en waarskynlik die laaste in dié millennium.

In die herdenkingspublikasie lewer 'n aantal voorste Afrikaanse taalkundiges elk 'n bydrae en fokus hulle op twee van Ponelis se publikasies van 1968 en 1979. Hulle vertolk aspekte van Ponelis se werk, wat dié boek vir die breër Afrikaanse taalkunde van belang maak. Verskillende taalkunde-rigtings word hiermee in verband gebring. Dié boek verryk Afrikaans, want dit kan vir verdere navorsing gebruik word.

Navrae: JL van Schaik Uitgewers,



Prof Fritz Ponelis (links), dr Ilse Feinauer




Stellenbosch, Posbus 3101, Matieland 7602. Tel (021) 887 4549, e-pos: j n i e m a n d @jlvanschaik.com

Nuwe boek oor Eikestad-geboue

Herine Fourie, 'n US-personeellid se vrou, en Philip Crouse, 'n oudpersoneellid se man, het saamgespan om 'n nuwe boek oor Universiteits- en ander Stellenbosse geboue die lig te laat sien. *Stellenbosch, Universiteitsdorp langs die Eersterivier*, bevat 26 kleurafdrukke van waterverfskilderye deur Herine, met Philip se beskrywings daaroor. Herine se man, Neels, is direkteur van Senrob, die Eenheid vir Gevorderde Vervaardiging in die Fakulteit Ingenieurswese, en Philip se vrou, Nellie du Toit, het as sangedosent by die Konservatorium afgetree. Drie oudpersoneellede was ook betrokke: prof Gert van Wyk Kruger, afgetrede dosent in Grieks wat die inleiding geskryf het, prof Bun Booyens, afgetrede hoof van

Afrikaanse Kultuurgeskiedenis wat ook as raadgewer opgetree het, en prof Christo Viljoen, onlangs afgetrede Viserektor (Bedryf) wat die voorwoord geskryf het. Die helfte van die geboue wat uitgebeeld word, is Universiteitsgeboue. Human & Rousseau het die boek uitgegee. 'n Ruim subsidie van die Universiteit het dit moontlik gemaak. Dit is ook in Engels beskikbaar.



HAT kry 'n blikboetie, Elhat

Stellenbosse leksikograaf prof Rufus Gouws (Departement Afrikaans en Nederlands, US) het drie jaar geneem om 'n nuwe hulpmiddel vir die ontsluiting van Afrikaans moontlik te maak. *Die Handboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* is nou beskikbaar in 'n omvattende en gebruikersvriendelike elektroniese weergawe, Elhat. Dit is die eerste werk van dié aard op die mark en bied 'n betroubare asook gesaghebbende woordeboek op een CD - met maklike oorskakeling na en vanaf woordverwerkingsprogramme, en kit-toegang tot 'n verskeidenheid inligtingstipes. Perskor Uitgewers het Gouws genader om prof Francois Odendal met die derde uitgawe van die HAT - wat reeds sedert 1965



die toonaangewende Suid-Afrikaanse woordeboek is - te help. Gouws het gemerk dat die teks nie op rekenaar te rekenaar was nie en het onderneem om dit nie slegs op rekenaar te laat sit nie, maar om 'n elektroniese woordeboek te ontwikkel. Wat die langste geneem het, sê hy, was om inligtingsvelde, byvoorbeeld sinonieme of etimologie, te identifiseer en kodes daarvoor uit te werk. Elhat maak 'n opwindende soektog na woordeskatinligting moontlik, en bied boonop blitsige blokkiesraaiselhulp. Dit is die mees gesofistikeerde inligtingsbron oor verklarende leksikografie. Uitgegee deur Perskor Uitgewers, tel (2711) 315-3647, e-pos: vlaeberg@icon.co.za.

Prof Rufus Gouws

BOEK OOR KOMPLEKSITEITSTEORIE

NUS-filosofiedosent en voormalige elektroniese ingenieur, dr Paul Cilliers, het die sonderlinge eer te beurt geval om sy boek, *Complexity and Postmodernism*, deur die toonaangewende internasionale uitgewer, Routledge, gepubliseer te kry. Cilliers het meer as 'n dekade op rekenaarmodellering gewerk voor hy na filosofie as in beroep oorgeslaan het. In sy boek pas hy sy kennis van filosofie en die wetenskap toe om



breinfunksionering, kunsmatige intelligensie, wetenskap en die gemeenskap verstaanbaar te maak. Prof Mary Hesse, 'n vooraanstaande filosoof van die Universiteit van Cambridge, beskryf die boek as 'n uitstekende inleiding tot kompleksiteits-teorie en die implikasies daarvan vir die filosofieë van die geesteswetenskap en sosiale teorie. **M**



Dosent, Oudmaties stel CD's vry

Drie onlangse CD's bevat musiek wat deur twee Oudmaties en 'n oud-dosent van die Konservatorium uitgevoer word.

Boudewijn Scholten, bekende orrelis en afgetrede US-musiekdosent, stel die konsert-orrel in die Konservatorium se Endlersaal bekend met 'n CD waarop hy werke van onder meer JS Bach, Pachelbel, Couperin en Franck uitvoer. Dié CD het met die internasionaal bekende EMI-etiket verskyn en is die eerste vrygestelling van die Marcussen-

orrel, wat as een van die belangrikstes in Afrika gereken word.

Oudmatie-tjellis Anmari van der Westhuizen het saam met die pianis Ilse Schumann 'n CD vrygestel van musiek deur Rachmaninof, Ravel, Fauré en die US-musiekdosent Roelof Temmingh. Anmari, wat onlangs na etlike jare van studie in die buiteland teruggekeer het Suid-Afrika toe, se pa is 'n afgetrede US-musiekdosent, Pieter van der Westhuizen. Ilse (dogter van 'n US-dosent in ingenieurswese, Chris Schumann) woon in Wenen, Oostenryk, waar sy veral kamer-musiekuitvoerings gee.

Nog 'n bekende Oudmatie wat op CD te hoor is, is die mezzosopraan Hanneli Rupert. Haar tweede CD, *Kersfees met Hanneli Rupert en die Kaapstad Sinfonietta*, het pas verskyn en bevat van die wêreld se mooiste Kersmusiek



Naas die Kaapstad Sinfonietta tree die Stellenbosch Camerata (gedirigeer deur US-musiekdosent Acáma Fick) en die St George Sangers onder meer saam met Hanneli op.

Al drie CD's is in die handel beskikbaar. **M**



Studenteliedjies eie aan Stellenbosch

Studentesang was nog altyd deel van Matiewees. *Matieland (So het ons gesing)* is 'n nuwe CD met 27 studenteliedjies eie aan Stellenbosch, gesing deur 'n mansgroep onder leiding van oud-musiekdosent Tommie van Wyk, met orkesklanke en tegnies versorg deur Bram Potgieter van die Paarl, 'n oudstudent van die US Konservatorium. Daar is Intervarsity-liedjies soos "Rom, rom, rom", "Die besem", "M.A.T.I.E." en "Mampoer"; "serenade"-liedjies soos "In Stellenbosch bloei weer die bome" en "Good night ladies"; asook

minder bekendes, soos die een waarin gesing word oor die studentejare wat verby is en "...nou's ek die pa wat die rekenings kry!" Van die liedjies is geskryf deur Tex de Swardt, mede-uitgewer van die CD. Dit is beskikbaar by ST Produksies, Privaatsak X7, Post Net, Tygerpark, 7536, tel. (021) 948-9151. **M**



Van die Universiteitsraad se 22 lede is 17 Oudmaties

DESMOND SMITH LEI US-RAAD

Oudmatie-sakeleier mnr Desmond Smith is die Universiteitsraad se nuwe voorsitter. Hy dien reeds vanaf April 1996 in die raad, as een van drie raadslede wat deur die US-donateurs verkies is



Vier nuwe raadslede asook ses lede wat onlangs herverkies is, is Oudmaties. Van die 22 raadslede is 17 Oudmaties.

Sedert vroeër vanjaar is agt nuwe lede tot die raad verkies of aangestel en ses is herverkies. Die nuwe lede is UWK-oudrektor en nou direkteur-generaal in die staatspresidents-kantoor, dr Jakes Gerwel, en ANC-parlementslid me Naledi Pandor (aangewys deur die minister van Onderwys); Oudmatie-sakeleier dr Edwin Hertzog (verkies deur die Konvokasie); proff James Fourie en Fritz Hahne (dekane, Regsgeleerdheid en Natuurwetenskappe, wat deur die US-Senaat as raadslede verkies is); dr Louis Kathan ('n bekende in onderwyskringe, aangewys deur die Weskaapse regering); prof Rolf Stumpf, wat as Viserektor (Bedryf) in die raad dien, en me Wynoma Michaels (Studenteraadsvoorsitter).

Die ses herverkiesde lede (almal Oudmaties) is mnr Gys Steyn (sakeleier en vorige raadsvoorsitter, deur die Konvokasie verkies nadat hy voorheen deur die minister van Onderwys aangewys was), sakeleiers mnr Ritzema de la Bat en dr Christo Wiese (ook herverkies deur die Konvokasie), dr Gerhard van Niekerk (nog 'n sakeleier, herverkies deur die donateurs), prof Bernard Lategan (herverkies deur die Senaat) en mnr Koos van Schoor (heraangewys deur die Stellenbosse munisipaliteit).

Pandor, Hertzog, Steyn, Wiese, Van Schoor, Van Niekerk en die drie Senaats-verteenvoerders is Oudmaties. **N**

Mnr Desmond Smith

Oudmaties blink uit in taai eksamen

Twee Oudmaties was onder die drie kandidate wat vanjaar se kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad met onderskeiding geslaag het. Nog drie Oudmaties se name verskyn op die merietelyste vir dele een (rekeningkundige vakke) en twee (ouditkunde) van die eksamen. Vyftien SA universiteite se studente skryf jaarliks dié veeleisende eksamen.

Mej Sanelda Louw het die algehele

tweede plek in die eksamen behaal, met onderskeiding geslaag en tweede geëindig in deel een van die eksamen. Sy het met 'n A-gemiddeld op Malmesbury gematrikuleer en het BRek (met lof) asook HonsBRek op Stellenbosch verwerf.

Nog 'n Oudmatie, mnr Ernst Kannenberg het die algehele derde plek in die eksamen behaal, ook met onderskeiding geslaag en die hoogste punte gekry in deel een van die

eksamen. Hy het in Durbanville gematrikuleer, met die tweede hoogste gemiddeld in die Kaapse Onderwysdepartement se matriek-eksamen, en het BRek en HonsBRek albei cum laude aan die US behaal.

Ander Oudmaties wat uitstekend geprester het, is mej Ada Nel (vyfde plek, deel een) asook mej Jolene Nel (sewende plek, deel twee) en mnr Clark Gardner (tiende plek, deel twee). **N**

Tandarts presteer in VSA

Dr Millicent Schmidt van Windhoek, wat in Junie 1995 haar graad in tandheelkunde aan die US verwerf het, is terug uit Amerika waar sy 'n nagraadse tweejaar-kursus in mond-geneeskunde aan die Universiteit van New York in Buffalo met lof geslaag het. Sy was daar met 'n beurs van USAid, die Amerikaanse agentskap

vir internasionale ontwikkeling.

Schmidt het gestudeer onder dr Robert Genco, wat bekend is vir sy werk oor 'n verband tussen infektiewe mondsiektes, kardiiovaskulêre siektes en osteoporose. Sy kon aan verskeie internasionale konferensies deelneem, haar proefskrif op een daarvan voordra en drie inligtingstukke in internasionale tydskrifte publiseer. **N**



**Bo: Mej
Sanelda Louw
Regs:
Dr Millicent
Schmidt**

Raadgewer in Bolivia

Prof Tim Bembridge van Somerset-Wes, wat twee doktorsgrade aan die US behaal het, is aangewys as raadgewer oor kursusse en opleiding vir die landbouwetenskappe-fakulteit by die Universiteit van San Xavier in Bilivia. Dié universiteit bestaan sedert 1624, en het 'n leiersrol in die Suid-Amerikaanse lande se strewe na onafhanklikheid gehad. Bembridge het as dekaan van landbouwetenskappe by die Univesiteit van Fort Hare afgetree. Hy het verskeie toekennings ontvang.

Leier uit Afrika

Oudmatie Gerhard Visser (Hons BComm 1970, 'n oud-Eendragter en SA diplomaat sedert 1971) was een van 24 deelnemers uit 23 Afrikalande wat 'n gevorderde diplomatekursus van tien weke in Islamabad, Pakistan, as dié land se gas bygewoon het. Hy is tot groepvoorsitter verkies. Pakistan se vier provinsiale leiers het die groep onthaal en hulle kon plekke besoek soos die Khyberpas aan die grens met Afghanistan, die omstrede Kashmir-gebied en die megastad Karachi (13 miljoen inwoners). Die vyandigheid tussen Pakistan en Indië was merkbaar, sê Visser, "en die ondraaglike hitte van 40-46°C vir weke aaneen sal my altyd bybly."

Dieetkunde-prys

Baanbrekerswerk deur 'n Port Elizabethse staats-hospitaal-dieetkundige, Oudmatie Annatjie Smith (geb. Groenewald), het aan haar die SA Dieetkundevereniging se gesogte Adsa/Flora-prys besorg – die vierde keer sedert 1992 dat dit tweejaarlik toegeken word. "Dieetkundiges is noodsaaklik, nie 'n luukse nie. Hulle kan die staat miljoene rande bespaar deur siektes en die komplikasies daarvan te voorkom," sê Smith. "Diabetes, byvoorbeeld, kan die staat R150 000 per komplikasie vir 'n pasiënt kos, en die meeste pasiënte het drie tot vier komplikasies." Sy meen armoede is nie die enigste oorsaak van dieetverwante siektes nie. "Die gebrek aan kommunikasie en aan kennis sorg vir heelwat probleme."

Sake-uitblinkers

Dawid van der Merwe en Lisel Erasmus-Kritzinger, albei Oudmaties, was onder die vier jong SA uitblinker-sakelui vir die Rotariër Stigting se studie-uitruilprogram Nieu-Seeland toe. Sy is 'n kommunikasie-dosent wat haar kennis oor kultuuroorbruggings-kommunikasie tussen dié twee lande wil boekstaaf. Hy is 'n bedryfsingenieur en entrepreneur wat die kleinsakesektor se rol in Nieu-Seeland goed bekyk het, en sy kennis hieroor in Suid-Afrika wil terugploeg. Die uitruilprogram bevorder onder meer betrekkinge tussen die twee lande se jong professionele mense. Die twee Oudmaties moes praatjies oor hul land en oor elkeen se beroep in Nieu-Seeland aanbied. **M**



Links: Prof Tim Bembridge, Onder: Gerhard Visser met medekursusgangers Dr Suleiman Mane en Isra Dhalladoo



Regs: Annatjie Smith
Onder: Dawid van der Merwe en Lisel Erasmus-Kritzinger



© PIC CREDIT

ALUMNI KAN NOU OP 'DIE MATIE' INTEKEN

"Die Matie" begin volgende jaar met 'n intekendens vir Oudmaties en andere wat gereed wil weet wat alles op die kampus gebeur. Dié tweede oudste studentekoerant in Suid-Afrika dra nuus oor kampusegebeure, studentepolitiek, koshuise, verenigings, akademie, sport en kuns. Die Matie publiseer ook langer artikels oor aktuele onderwerpe. Die blad word tweewekliks in semestertyd op Stellenbosch en die satellietkampusse

versprei. Vir R50 (alles ingesluit) kan Oudmaties nou vir 'n jaar (12 uitgawes) op Die Matie inteken. Eksemplare sal op dieselfde dag wat die koerant verskyn, in 'n kovert aan intekenare gepos word.

■ Om in te teken, of vir meer inligting hieroor, skakel die redaksie, Die Matie, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak XI, Matieland, 7602; tel. 088-130-2066; (faks) 021-808-3538 of inteken@diematie.sun.ac.za (e-pos). **M**

The unofficial countdown to the launch of Stellenbosch University's – and South Africa's – first satellite began on 12 November when it was ceremonially unveiled in Stellenbosch by Posts, Telecommunication and Broadcasting minister Jay Naidoo. By DOUGLAS DAVIS

SUNSAT

THE DAWNING OF ONE OF OUR FINEST HOURS

Sunsat (Stellenbosch University satellite) has already arrived at Vandenberg Air Force Base in California, USA, from where it is scheduled to be rocketed into space by

NASA (National Aeronautics and Space Administration) on 8 January – making Stellenbosch the first university in the country to have a modern satellite in space. Blast-off will be at precisely 12:58 and 33 seconds SA time.

The dream of developing our first locally designed and manufactured microsatellite has been long in the making.

In the two decades before 1990 the Department of Electrical and Electronic Engineering, led by Prof Christo Viljoen, a former dean of the faculty and now retired Vice-Rector (Operations), and Prof Jan du Plessis, who was the first aerospace engineer in SA, began to accumulate know-how to support possible South African space involvement. In the process the Bureau for Systems Engineering (BSI) was established at Stellenbosch University to support computer and control systems and hardware in the loop simulations for aero-space activities.

Prof Arnold Schoonwinkel, also an aerospace engineer, later became the director of the BSI. He was instrumental in arranging for Prof Herman Steyn to undergo training abroad in satellite engineering.

With the institution at Stellenbosch University of the Grinaker Chair of Satellite Engineering, Prof Garth Milne, a top systems engineer, became the project leader of this team. Sias Mostert, as development manager, has overseen the development of the various engineering models of Sunsat.

With the assistance of several industrial sponsors, the Sunsat project has enabled students at the Engineering Faculty to gain hands-on experience in satellite technology – in the process 72 students have completed their master's and doctoral studies.

Today the fruit of their labours stands proudly for all to see

Those expecting to find an impressive looking, complicated piece of hi-tech equipment with "space history" written all over it, will be disappointed. From the outside, Sunsat looks like just another metal box: weighing a mere 64kg, it stands less than a metre high and consists of some eleven trays filled with micro-chips, wires and other electronic circuitry.

But don't underestimate the complexity of the technology on Sunsat. Great things are

The project played a positive role in the training of future engineers. The skills acquired in the microsatellite programme have provided students with non-space specific skills, applicable to the electronics industry as a whole.

expected of this little satellite. Once in orbit (at an altitude ranging between 600 and 850 km above the earth's surface) Sunsat will function as an "orbiting camera", sending full colour, high resolution images of cultivated fields, natural vegetation and pollution back to its control centre, based at the Electronic Systems Laboratory (ESL) in the Engineering Faculty. These images are to be used for various purposes, including environmental research.

Sunsat will also function as an orbiting "cell phone and fax machine", enabling school children aided by amateur radio enthusiasts to communicate with it and even hear their own messages beamed back to them via the satellite's talking "parrot".

NASA has agreed to launch Sunsat free of charge – an undertaking that would otherwise have cost some R4,2 million – in exchange for the fitting of a NASA-supplied Global Positioning System (GPS) receiver and laser reflectors on the satellite. The receiver was delivered to Stellenbosch by NASA, and will supply its researchers on the Mission to Planet Earth project with data.

The Sunsat-project also makes history for NASA, being its first joint Earth Science Mission with South Africa.

Education

Since its inception, the Sunsat-project has had as one of its aims the provision of hands-on training opportunities to master's degree students in the

Engineering Faculty. "The project commenced in 1992 with 15 students. Since then about eight new students have joined the project each year, with others moving on as they graduated," Prof Milne said.

The project also stimulated interest in science and technology at high school level – as part of a comprehensive schools' programme designed by the Sunsat management team, the satellite will carry with it into space several science projects designed and monitored by high school students.

The Sunsat satellite also contains several international experiments, one of which is a physics experiment of UKM (University Kebangsaan Malaysia) in Malaysia. **M**

Lift off!

Sunsat will soon take its place on the launch vehicle alongside a United States Air Force (USAF) satellite named Argos, and Orsted, a Danish research satellite. There is no doubt that on 8 January 1999, as the long-awaited words "We have a lift-off" echo across the airwaves to the control room at Stellenbosch, Sunsat's team members, past and present, will smile. And not without reason: That moment will hail one of their – and the University's – finest hours.



Mr Jay Naidoo, minister of Posts, Telecommunication and Broadcasting, viewing Sunsat with his daughter Shanti (4) – he officiated at the 'send-off' ceremony



Sal jy dit op 65 doen omdat jy wil, *of omdat jy moet?*

Jy wil sekerlik eendag iets soos houtwerk vir jou plesier doen, eerder as om die pot daarmee aan die kook te moet hou. Ongelukkig is dit so dat bitter min Suid-Afrikaners finansiële onafhanklik kan aftree.

By Sanlam-Lewens het ons uittree-beleggings wat jou nie net gemoedsrus in jou goue jare bied nie, maar ook vir jou stewige opbrengste verdien. Oor 'n tydperk van 20 jaar tel ons uittree-annuïteite byvoorbeeld onder die toppresteerders in die bedryf.

Daarby beloon die staat jou met belastingtoegewings van tot 45% op jou maandelikse bydraes. En as dit tyd word vir aftree, kan Sanlam jou keuses uitstippel – soos 'n *stygende maandelikse uitbetaling*. Of om 'n derde van jou belegging belastingvry in kontant te ontvang.

Jou aftrede kan vir jou die vryheid beteken om te doen wat jy nog altyd wou. Maar dan moet jy nou al jou Sanlam-

adviseur, makelaar of naaste Sanlam-kantoor skakel.



Jou toekoms in goeie hande

Retirement planning is one of the most important things an individual can do, but it is also one to which far too many people give little or no attention. Part of the reason is that it has been surrounded in an aura of mystique, complicated clauses and pushy salespeople who are more concerned about earning a commission than selling a product that has real value to people when they retire

PLANNING YOUR RETIREMENT

By Michael Mann

South Africans' ambivalence about retirement planning has created an enormous social problem. It has been calculated that fewer than one in ten of them will set aside enough cash by the time they stop working to maintain their standard of living.

The result is that they often become dependent on relatives or on a state pension, which is currently less than R500 a month. This highlights another problem – the country's low level of saving, which has often been cited as a major impediment to economic growth, which in turn stifles job creation.

Planning your retirement

The cornerstone to successful retirement planning is an early start. By way of illustration, financial services company Sanlam took the case of a 25-year-old who began investing R150 a month. Assuming he earned a consistent return of 12 percent a month on his money and increased his contribution by five percent annually, he would have received a pay-out of more than R4,5 million by the time he retired at age 65. Had he delayed his initial investment until age 40, his nest egg would have come to a paltry R58 4776.

There are no cut and dried answers as to how to determine the best retirement package. The introduction of different kinds of savings schemes, such as unit trusts, and the recent volatility of the financial markets has made the issue even more complicated, and risky, than it was in the past.

Some brokers and financial analysts argue that astute investors can earn far better returns on their investments by going it alone than they will if they handed control over their assets to someone else.

"Utilising a retirement company means that you have to contribute towards its entire infrastructure and administrative costs," remarks one wealthy Johannesburg businessman. "And for this privilege they take your money and re-invest it in investments that you are quite capable of accessing yourself."

Many investment consultants try and sell things like living annuities and endowment policies in the same way that supermarkets sell bacon and eggs," complains one doctor who is nearing retirement age.

"Most financially illiterate people like myself haven't got the foggiest idea what these products are. And when we ask for an explanation, it is inevitably couched in more terms that we don't understand."

But, egged on by pending legislation to make the industry more transparent and user-friendly, the retirement industry has made some progress towards making itself more easily understood and less open to abuse.

Part of the blame for the lack of awareness about the necessity and importance of retirement planning also lies with the public, who are generally apathetic and do not take the trouble to educate themselves about their future needs, and then make provision for them.

They have been helped in recent years by the mushrooming of personal finance sections in most leading publications

There are, however, strong arguments in favour of traditional retirement funding products like retirement annuities and pension funds. One of the strongest of these is that it encourages people to develop savings discipline, because the penalties for accessing your money are severe.

There are also tax advantages attached to contributing towards a formalised retirement plan.

Promises of earning higher returns elsewhere are also not always guaranteed, as anyone who invested in the failed Masterbond scheme can testify. And on average, returns earned on the Johannesburg Stock Exchange over recent months have

been far less than those on fixed return investments.

Sanlam consultant Barry McMillan says when considering a client's retirement planning options, a number of factors have to be taken into account.

These include how much money they have, their attitude towards risk, their sources of income, their life expectancy and their financial responsibilities.

Retirement funding options

Most retirement provision in South Africa takes place through employer-controlled pension funds and enrolment is often mandatory. Most pension funds these days are known as fixed or defined contribution funds, which have by-and-large replaced defined benefit funds.

In the case of defined benefit funds, payouts are guaranteed, and the employer carries all the risk of how the fund performs.

In the case of defined contribution funds, the beneficiaries contribute a predetermined amount – usually a set percentage of their salary. They have a direct interest in the return earned on the fund's assets, because it will directly impact on their benefits.

A number of funds guarantee their members' capital contributions and pay them out returns based on the fund's performance. Payouts can, however, be adjusted to take account of exceptionally good or bad performances in a particular year.



Swapping from one scheme to another has various tax implications that should be carefully evaluated, especially if the switch is to a defined contribution provident fund. Ideally, employers should offer employees who want to switch to a provident fund a temporary tax haven. This is possible by maintaining the pension fund and the provident fund until the changes take effect.

Some analysts recommend that people should ideally consider both contributing to an employer-controlled investment fund and investing in unit trusts, but this depends on the disposable income of individuals.

Then there are retirement annuities, which mean that people invest a lump sum, against which they are provided with a monthly pension until they die. Annuities take different forms, ranging from the fixed period annuities, through which you get your capital back after a set number of years; to annuities where you receive a monthly payment.

An inflation linked annuity ensures that you receive less than you would initially from an ordinary annuity, but that it increases in line with inflation. A joint survivorship annuity will be paid until whichever partner dies last.

Lower income individuals are advised to buy an inflation-linked annuity with a joint survivorship clause if they are married. The wealthier you are, the greater the opportunity to mix and match all these options.

Late starters

Those people who suddenly wake up to their retirement needs at 40 or 45 years of age will have to consider several options, not least being to postpone their retirement. This might not be as easy as it once used to be in these days of early retirement and severance packages to clear the decks for affirmative action programmes.

This might mean that the individual might have to start thinking about negotiating to stay on after retirement age, albeit in a usually more junior grade, at a lower pay.

They could also start thinking about entering another field of work on retirement, and part-time training courses for re-skilling and re-training could be an important consideration while they are still at work.

Other options could be to sell a home and buy a smaller one, investing

the difference in the best growth fund available, staggering the maturity date of retirement annuities and, of course, cutting back on luxuries.

After retirement

Once retired, people should be as careful about managing their capital as they were leading up to retirement.

Many seriously consider selling their homes, particularly if they do not have children at home anymore. This requires careful timing with market trends to ensure that they get the maximum out of their investment. They then move into smaller homes, flats or retirement complexes and invest the balance in savings accounts or unit trusts, where the money is accessible if need be.

The trick is to choose the right investments that will provide an income while keeping the capital intact and growing long enough to provide an inflation-protected income. **N**

The law is on your side

Newspapers have often reported on cases where retirement fund members have been prejudiced for years by unfair conduct or discriminatory rules on a wide range of issues including poor withdrawal benefits. But they now have more power to fight back, thanks to the Commission for Conciliation, Mediation and Arbitration (CCMA) or bargaining council established in terms of the Labour Relations Act or through the Pension Funds Adjudicator.

Retirement fund trustees and employers can no longer make unilateral rule changes to pension funds which affect benefits and it is becoming clear that many existing rules and practices need to be re-evaluated to ensure they do not amount to unfair labour practices.

The government is also re-examining legislation that would allow employers to draw down a small portion of the reserves of pension funds to fund their operations, mainly because of union fears that this could be abused by employers more intent on raiding the pension fund than making legitimate investments that could add value to the pension fund. **N**

MATIELAND HET MET LEEDWESE VERNEEM DAT DIE VOLGENDE OUDMATIES EN US-PERSONEELLEDE ONLANGS OORLEDE IS:

Mnr Bernard Audagnotti (65) van Pietersburg; BSc, BIng (Siviel) 1979.

Mnr Carel Babst (91) van Oudtshoorn; BA, HSOD, BEd 1927, '29, '31; was 49 jaar aaneen Duits-onderwyser en kollegedoesent; gebore op McGregor en het op Stellenbosch gematrikuleer; het as Matie vioolonderrig van prof Hans Endler ontvang; sy oorlede vrou, Mimmie (geb. Van Niekerk) was inwoner van destydse Greylock-koshuis en het klavierles ontvang van destydse rektorsvrou, mev Wilcocks.

Prof GJ (Gerhard) Beukes (84) van Bloemfontein; BA, SOD 1935, '36; boorling van Upington; van 1947 tot aftrede in 1980 dosent (en departementshoof) in Afrikaans aan Vrystaatse Universiteit; letterkundige en volksdramaturg wat talle werke geskryf het; het die Hertzogprys en ander eerbewyse ontvang.

Mev BD (Dora) Bosman (81) van Stellenbosch; BA, HOD, HPOD 1936-'38; was SR-lid, inwoner van Monica en later eerste primaria van Huis de Villiers; vrou van afgetrede Oudmatie-predikant, dr AEF Bosman, voorheen van Heidelberg, Mpumalanga, waar sy o.m. die Sendingvereniging gedien het.

Mev Reiniet Maria Coetzee (79) van Stellenbosch; HPOD 1939.

Mnr AW du Toit (63) van Linden, Johannesburg; BSc, BIng (Siviel) 1957; oud-Simonsberger.

Dr Lizeal Gebhard (32, geb. Gerber) van Wellington; MB, ChB (1989).

Mnr HW Henk Herbst (29) van Gordonsbaai; B- en Hons (Landbou-ekonomie), HonsBComm (1989-'91); oudinwoner van Helshoogte en getroud met oud-Harmoniet Cecilia Grobbelaar.

Mnr JJ (Jannie) Loots (84) van Nuweland, Kaapstad; BA, LLB 1934, '36; 'n boorling van Prieska waar hy na sy studentjare geboer het; was parlamentslid vir Queenstown, 'n lid van premier John Vorster se kabinet en Speaker van die Volksraad, 1976-'81.

Dr Jan FG Lorenzen (80) Pr. Ing. van Ficksburg (vroeër van Virginia), Vrystaat; BSc, SOD, M Sc (Fisika) 1941, '42, '43; oudinwoner van Dagbreek (1938-'39) en die destydse Victoria-huis; was jare lank in die

mineraal- en mynboubedryf en met sy aftrede metallurgiese bestuurder, Randgold; was vanwee sy hydrae van meer as 30 jaar tot die ingenieursberoep een van enkele nie-gekwalifiseerde ingenieurs wat as professionele ingenieur geregistreer was. Sy seun, prof Leon Lorenzen, is voorsitter van die Departement Chemiese Ingenieurswese, US.

Mej GJ (Truida) Louw (90) van Stellenbosch; BSc Huishoudkunde 1931 en een van die eerste Maties wat dié graad behaal het; werk vanaf 1933 vir Johannesburgse munisipaliteit om haar landgenote van die waarde van elektrisiteit in hul huise te oortuig; ook onderwyseres in Pretoria en voorligtings-beampte by Landboukollege Grootfontein; van 1936 tot haar aftrede in 1967 'n baanbreker-doesent in huishoudkunde (nou Verbruikerstudie) aan die US; eerste US-doesent in huisbestuur; ook 'n kenner van o.m. tekstiele, kultuurgeskiedenis, oudhede, genealogie en muntkunde.

Prof Leon S Maresky (67) van Seepunt, Kaapstad; MChD 1979; afgetrede hoof van Mondgeneeskunde en Periodonsie aan die US; tot sy aftrede 21 jaar 'n US-doesent; was o.m. president van die Tandheelkundige Vereniging van SA.

Ds SJ Ludik (55) van Worcester; BA, BTh, Lis. in Teol., MA; oudinwoner van Dagbreek.

Dr P Roald Maartens (68) van Welgemoed, Bellville; MMed in chirurgie met lof 1964; bekende chirurg en navorser; het 25 jaar in Kaapse noordelike stadsgebiede gepraktiseer; voorheen vlootdokter in Simonstad waar hy eerste duikskool gehelp vestig het; skrywer van 'n boek oor skeepswrakke en samesteller van die publikasie *Yesterday's Cape Town today*.

Me Nosipho Mpaka, wat sedert Mei vanjaar as lektrese in gemeen-

skapsverpleegkunde aan die Departement Verpleegkunde verbonde was, is dood in 'n motorongeluk op die Bottelary-pad onderweg vanaf Stellenbosch waar sy 'n nagraadse student gaan spreek het. Sy het 'n diploma aan die Verpleegkollege Umtata behaal, asook BACur aan Unisa en 'n meestersgraad (MCur) in verpleegonderwys aan die Universiteit van Natal.

Mnr PCL (Flip) Nel (60) van Moorreesburg waar hy sy hele loopbaan as hoërskool-onderwyser was; BSc, SOD, BEd 1961, '62, '65; bekende atletiekafgrigter en -organiseerder; voorsitter, WP en Boland junior atletiekverenigings.

Mnr George Carosini Olivier (32) van Pretoria; BSc, HonsBSc in Bosbou 1988, '90; oud-Eendragter; was aan Departement Waterwese en Bosbou verbonde.

Dr JA (Nol) Oosthuysen (76) van Windhoek; vroeër aan Groothoek-sendinghospitaal verbonde; direkteur en later sekretaris van Gesondheid en Welsyn in Namibië; getroud met Oudmatie Stella Steenkamp.

Mev M (Retha) Oosthuizen (50) van Middelburg, Mpumalanga; MA (Algemene Taalwetenskap) 1992; het voorheen op Potchefstroom gestudeer; was lank 'n hoërskoolonderwyseres.

Mej Priscilla Pauw (68) van Bettysbaai; BComm 1949; oudinwoner van Huis ten Bosch.

Mnr WPJ (Andy) Rabé (76) van Wilropark, Gauteng; BSc 1943; oud-Dagbreker.

Mnr Kobus Sadie (32) van Welgemoed, Bellville; BEcon, HonsB (B en A), MBA 1982, '87, '91; oudinwoner, Helshoogte; Eskom se sake-ontwikkelingsbestuurder in Wes-, Oos- en Noord-Kaap; getroud met Oudmatie Jeanne (Du Toit, MA in Bedryfsielkunde).

Ds CF Sieberhagen (63), afgetrede leraar van die NG gemeente Gamka-Oos; 'n oudstudent van die

Kweekskool; was voorheen predikant op Malmesbury en in Pretoria-Wes.

Mnr George Frederik Smalberger (82) van die Strand; BA en (met lof) LLB 1937, '39; oud-Dagbreker; was Parlementêre regsadviseur en wetsopsteller; hoofregsadviseur tot 1980; het gedien in die Erasmus-kommissie wat die destydse Inligtingskandaal ondersoek het; het as tydelike regsadviseur by Binnelandse sake gewerk tot hy 78 jaar oud was.

Mnr TAT (Tertius) Theron (75) van Riversdal, voorheen van Kimberley; BComm 1943.

Mnr WH (Heine) Toerien (71) van Montgomery-park, Johannesburg; BA, MA 1945, '46; was een van die bekendste Afrikaanse radio-omroepers; het o.m. gesorg vir vermaaklikheidsprogramme soos *Olikheid se moses*; ook 'n

lierieskrywer van Afrikaanse liedjies; het sy loopbaan as universiteits-doesent in Grieks en Latyn in die Vrystaat begin; het na sy aftrede steeds noue bande gehad met Afrikaanse kultuurorganisasies soos die Stigting vir Afrikaans.

Mev Mary F van der Walt (geb. Uys, 57) van die Strand, voorheen van Sasolburg, oorspronklik van Barrydale; BA en HonsBA (albei met lof), MA (Maatskaplike Werk) 1961, '62, '65; was huiskomiteelid van Huis ten Bosch; in 1995 as hoof- maatskaplike werker op Sasolburg afgetree; was getroud met Clement van der Walt, 'n Oudmatie-ingenieur; al drie haar dogters is Oudmaties.

Dr Hendrik N Visser (88) van Stellenbosch; BSc 1932; het in 1952 'n doktorsgraad by Unisa behaal; pa van prof Bessie Visser, hoof, Departement Verbruikerstudie, US.

Ds TDT (Dean) von Moltke (73) van George; het BA en sy Kweekskoolopleiding op Stellenbosch verwerf; was NG predikant op Ladysmith (Kwazulu/Natal) en Johannesburg.

Mnr Siewert C Wiid (84) van Kimberley; B-, MSc (Geologie) 1938, '40.

Mnr JB (Kobus) Willers (84) van Lynnwoodrif, Pretoria; BA, MA (Geografie); was die eerste burgemeester van Verwoerdburg (nou Centurion).

Weet u van 'n Oudmatie wat onlangs oorlede is? Kort besonderhede oor die oorledene se ouderdom, loopbaan, ens. (soos in die beriggies op dié bladsye) kan aan die adresse of faksnommer op bl. 1 gestuur word. Meld asseblief die oorledene se studentnommer of geboortedatum.

Met geesdrif en dryfkrag het Corné Rossouw in die afgelope 15 jaar beter geriewe vir gestremdes op die kampus help skep. Maar sy droom steeds... ILZA HUGO het met haar gesels

VEGGEES VIR GESTREMDES SE REGTE

"Ek is 'n bakleier vir die regte van die gestremdes op ons kampus – en min mense sal my daarin stuit. Ek baklei al van 1983 af en sal aanhou tot ek die dag nie meer kan nie"

En jy wéét sy sal. Sy het enersyds die vuur, drif en dryfkrag en aan die ander kant die empatie met die gestremde mens en veral die liefde vir sport wat haar ontstuitbaar maak in haar oortuiging om dinge te verander.

Gestremde mense moet dieselfde geleenthede kry as nie-gestremdes "want die gestremde studente se lewens lê voor – hulle het nie nou die tyd om te baklei nie. Iemand anders moet hulle help."

Dáárom doen sy dit – Corné Rossouw, lektrise in Menslike Bewegingskunde, wat baie van die veranderinge begin het om die US-kampus toegankliker te maak vir gestremde studente en ander mense.

So het sy in 1983 op eie koste die Nasionale Sportkampioenskaps-byeenkoms vir Liggaamlik Gestremdes in Johannesburg bygewoon en haar voorgeneem: Stellenbosch moet die eerste universiteitskampus wees wat dié byeenkoms aanbied. En net 'n jaar later, in 1984, het dit gebeur.

Sy het almal letterlik gestormram en die byna onmoontlike reggekry: 'n Nasionale byeenkoms vir 500 gestremde junior en senior deelnemers van alle etniese groepe op 'n (destyds) relatief konserwatiewe kampus wat toe nog sonder behoorlike geriewe vir gestremdes was!

Menslike Bewegingskunde én die Sportkantoor se studente, dosente en geriewe was vir 'n week lank beskikbaar. Die verblyf- en ander reëlings het harde werk en die uiterste ooredingsvermoë geverg. Monica se ontspanningsaal, byvoorbeeld, was 'n groot slaapsaal en by Helshoogte is sommige kamers spesiaal ingerig. By die DF Malan gedenksentrum en ander geriewe op Coetzenburg wat net trappe gehad het, moes skuinsvlakke ingerig word. Etes is aangery na 'n groot markiestent op Coetzenburg en vir die afskeids-onthaal in die "Gat" (in Neelsie) moes rolstoelgebruikers met die afleweringshysers deur die sentrale kombuis ingaan.

Die byeenkoms was so 'n sukses dat dit sedertdien nog vier keer by die US gehou is en verskeie ander universiteite dié voorbeeld gevolg het.

Corné het die behoefte raakgesien, die dryfkrag gehad om oplossings te vind – en boonop 'n bewustheid by die US en die breë publiek begin wakker maak om met nuwe begrip en insig na gestremde mense se probleme te kyk.

"Daar is baie meer ooreenkomste as verskille tussen gestremdes en nie-gestremdes. Wat saak maak, is nie dat gestremdes iets stadiger doen as nie-gestremde nie, maar dat hulle lief is vir 'n sportsoort en daaraan wil deelneem," sê Corné. "Ons moet ook nie te lank tob oor wat die gestremdhede



"Stellenbosch moet Afrika se beste afrigtingsinstelling vir gestremde sportlui wees"

veroorzaak het en vashaak by hoe so iemand lyk nie, maar eerder kyk na wat hy/sy doen en reeds vermag het."

Met die geesdrif en dryfkrag waarmee sy die eerste groot klip uit die gestremde sportlui se pad gerol en baie veranderinge op die kampus kon kry, streef sy na verdere doelwitte.

Een van haar drome is om 'n gestremde-eenheid ("disability unit") op die kampus te vestig – waar 'n gestremde personeellid, dosent, student of voormemende student op een plek hulp en raad kan kry.

Sy het pas die SA Paralimpiese Komitee op 'n internasionale kongres in Australië verteenwoordig om spesifiek te kyk hoe Suid-Afrika in die nuwe millennium sport vir gestremdes kan uitbou en hiermee die Afrika-leier kan wees. "Stellenbosch moet Afrika se beste afrigtingsinstelling vir gestremde sportlui wees." **M**

Lees op bl 31: Gestremde atleet weer Sportman van die Jaar.

Corné reeds vyf keer vereer

Corné Rossouw het MA (Menslike Bewegingskunde) op Stellenbosch behaal en is by die SA Mediese- en Tandheekkundige Raad as biokinetikus geregistreer. Nadat sy op Robertson skoolgehou het en aan die Wellingtonse Onderwyserskollege verbonde was, is sy 'n US-dosent sedert 1976. Sy spesialiseer in bewegingsopvoeding; sport en rekreasie vir gestremdes; rehabilitasieprogramme vir sulke mense; hul evaluering; asook die programbeplanning van wateraktiwiteite/swem.

Corné dien in verskeie SA en internasionale organisasies, en onder meer ook in 'n US-advieskomitee rakende die Universiteit se toeganklikheid vir mense met gestremdhede. Sy is betrokke by verskeie gemeenskapsprojekte en by diens aan haar medemens – waarvoor sy reeds vyf toekennings gekry het. Dit sluit in die Departement van Nasionale Gesondheid se Excelsior-toekenning in 1992 vir "besondere diens aan persone met gestremdhede in Suid-Afrika in sport en die ontwikkeling van akademiese kursusse." In 1996 het sy die SA sportvereniging vir fisiek-gestremdes se meriete-toekenning gekry vir haar loopbaan van uitsonderlike hydraes tot die ontwikkeling en bevordering van sport vir Suid-Afrikans met gestremdhede. **M**

MATIELAND STORIES

Snik uit 'n blik


Tussen Dagbrekers en Wilgenhoffers was daar nooit eintlik liefde verlore nie. Maar daar was tog liefde – vir die meisies van Sonop, Harmonie, Monica... Saans het die koshuismanne hul gevoelens uitgedruk in groepsang by die vrouekoshuise. Ná elke "serenade" (op Engels uitgespreek) het die meisies hul kamerligte geflikker as blyk van waardering teenoor die singende Don Juans.

Eddie, teologiestudent tussen 1942 en 1948 in die 'Bosch, was nie 'n koshuisinwoner nie, maar hy wou graag ook "serenade" – veral by 'n sekere vrouekoshuis, waar hy 'n oog op 'n spesifieke inwoner gehad het. Boonop het hy nie die gawe van sang gehad nie, maar "serenade" wou hy, vir haar.

Voor dié koshuis se ingang was (of is dit steeds daar?) twee baksteenpilare, so hoog dat 'n mens daar kon staan en elamboog-stut terwyl jy opkyk na die koshuis se voorvensters.

Een aand lok 'n hartroerende Italiaanse snikstem dié koshuis se meisies na hul vensters. Hulle waardeer wat hulle hoor en wys dit met flikkerligte... Voor die koshuis staan Eddie, elamboog op een van die baksteenpilare en – vir sy meisie – wen hy met die ander hand die grammofoon op!

Amie Spies,
Pretoria



Een t te veel

Toe my pa in die dertigerjare 'n student op Stellenbosch was, het hy onder andere klasgeloop by 'n destydse dosent in Duits, dr J. Hoge. "Juniordag" was 'n jaarlikse instelling. Die "juniors" soos die tweedejaarsstudente toe genoem is, het op dié dag klasse beset en met die dosente gekgeskeer. Die universiteitsowerheid het dit as studentepret verdra tot dit hande uitgeruk en teen 1933 verbied is.

Hoge was een van die dosente wat niks van Juniordag gehou het nie. Maar anders as baie ander wat sommer by voorbaat hul klasse vir dié dag afgegee het, het hy voor 'n sekere Juniordag-viering sy studente duidelik laat verstaan dat hy hulle die volgende dag in sy klas verwag het.

Toe hy dié oggend die klas instap, was verskeie studente nie daar nie en die pligsgetroues was taamlik teësinig – hulle het eintlik gekke gevoel omdat hulle eerder die geleentheid vir pretmaak saam met hul vriende wou gebruik. Daarom het hulle dit baie geniet toe dr Hoge sy oë oor die oop sitplekke laat dwaal en met sy Duitse aksent baie vererg sê: "Dames en here, ek sien vandag weer 'n hele paar gatte in die klas."

WW, Stellenbosch

Gesondheid!

Dit was heerlike studentedae, 1945, Juniemaand, 'n agtuurklas in Bedryfsekonomie. Buite was dit reënerig en nog halfdonker. Prof Chris Shumann (na wie Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se hoofgebou nou vernoem is) was besig met sy geliefde onderwerp, "Konjunktuurleer." Skielik begin hy ons uittrap omdat ons nie ernstig genoeg met ons studies was nie en besig was om ons ouers se geld te mors. "En dink julle miskien julle is vir julle gesondheid hier op Stellenbosch?"

Toe merk hy 'n klomp leë sitplekke, en trek verder los: "Sê vir julle klasmaats hulle moet dié agtuur-klas bywoon. Ek gaan 'roll-call' vat. En dis boonop gesond om so vroeg op te staan."

'n Stem agter uit die klas: "Maar Prof, ons is nie vir ons gesondheid hier nie!"

"Prof Schum" het net so lekker saamgelag.

Chris Kotze, Wilropark, Gauteng

Skielik haastig

In die jare sestig was prof Danie Craven hoof van Wilgenhof. Tydens 'n vakansie kry hy een van die Wilgenhoffers, Leon Franken, in 'n kamer in "Bachelors" (die oudste deel van dié koshuis). Dit word nie toegelaat nie, het Doktor in geen onduidelike taal nie, vir Franken laat verstaan. 'n Week later gaan Craven ondersoek instel, en in dieselfde kamer kry hy Franken, vas aan die slaap. Dié skrik vervaard wakker, raap haastig sy goedjies op en roep verbouereerd uit: "Ek is op pad, Doktor, ek is op pad!"

Ds PH McDonald, Morgenster, Masvingo, Zimbabwe

Telefoonmaniere

Wilgenhoffer wat sy koshuis se telefoon beantwoord: "Middelpunt van die wêreld, goeie middag."

Redaksie van *Die Matie*: "Ek haat dit om na 'n koshuis toe te bel. Daar bly 200 mense, maar niemand is ooit tuis nie."

Die Matie

Pendoring se baas se dinge

As verslaggewer van *Die Matie* het ek in 1967 met dr Con de Villiers in sy woonstel naby Wilgenhof 'n onderhoud gevoer. My mond het oopgehang oor sy massiewe versameling langspeelplate. Hy het my 'n pendoring gewys wat hy as naald gebruik het – en wat glo verhoed het dat die plaatgroewe so gou slyt as wat met die standaard metaalnaalde die geval was!

Een van die staaltjies oor Doktor Con wat destyds die rondte gedoen het, was dat hy in een van sy soölogie-klasse begin uitwei het oor hoe goed bedeed die mans van Afghanistan glo was. Een vrouestudent het haar bloedig vererg, haar boeke ingepak en begin uitstap. "Nie so haastig nie, juffrou," sê Doktor Con, "die volgende vlug Afghanistan toe vertrek eers oor drie dae!"

Ignatius (Nato) Zondag, Oud-Wilgenhoffer (1965-'69), Port Elizabeth

Gevatte verduidelikings

Eerstejaar-vrouestudent wat huis toe bel: "Ma, daar's hopeloos te veel maand aan die einde van my geld oor."

En, manstudent wat ná die eksamenuitslae huis toe bel: "Pa, universiteit is 'n loopbaan, nie 'n renbaan nie."

Aanhalinge uit US-studentepublikasies

NI

© ILLUSTRASIE: THOMAS VILJOEN

Onthou jy dalk 'n staaltjie uit jou Matiedae? 'n Lewenswysheid, 'n lag met die traan uit die sorgeloos onbesonne kant van Stellenbosse studentewees? Stuur bydraes (kort soos hier bo) aan die adresse of faksnommer op bl. 1

Do you remember an anecdote, a funny incident or other story from your student days at Stellenbosch? Please send your contributions (short ones, as on this page) to Matieland at the addresses or fax number on page 1.

Skinstad het 'n "andersheid" waarvan die rugbyskares hou. DOUGLAS DAVIS skryf oor die Matie wie se naam deesdae landwyd op almal se lippe is. Foto: CARL FOURIE

MATIES SE BOBBY IS ALMAL SE HELD

Coetzenburg, die beroemde rugbyweekplaas, het 'n baie buitengewone produk gelewer... Bobby Skinstad

Waar rugby gepraat word, is dié gewese Simonsberger en MBK-oudstudent se naam die afgelope maande op die lippe van dese en gene. En hy het reggekry wat bitter min rugbyhelde nog kon: Hy het provinsiale vooroordeel afgetakel. Sy lofliedere word landwyd deur rugbygeesdriftiges besing. Oral oor is hy die man, die held.

"Ek is gek oor wat ek doen, daarom glimlag ek so maklik. Ons het baie in ons land om oor optimisties te wees. Ons moet geloof hê..."

Ook van vroue – nie net tieners nie, ook tannies van baie somers lief hom. Met die Curriebeker eindstryd op Loftus loop 'n middeljarige vrou met 'n enorme fotoplakkaat van hom waarop staan: "Bobby trou met my dogter – ek wil graag jou skoonma wees!" Dit som die rugbylustige vroue se gevoelens op. James Small is inderdaad vergete...

Skinstad, die vriendelike, forsgeboude jong reus, is in die beroeps-era van rugby 'n man wat nog veel meer vir sy vriende omgee as vir sy bankrekening. Hoewel hy maklik kitskontant vir 'n huis in Constantia sou kon neersit, verkies hy om steeds met sy vriende een op Stellenbosch te deel.

Hy is die Ronald Reagen van die SA rugbywêreld – sy seunsagtige aantreklikheid, borrelende lewenslus en feitlik ewigdurende glimlag het 'n nuwe dimensie aan die deursnee top SA rugbyspeler gegee. Weg is die norsheid, die stroefheid, die traak-my-nie-agtige houding, die gryns op die gesig wat meeste van die tyd aan die rugbypubliek voorgehou is.

Bobby is so anders, sê baie rugbymense. En van dié "andersheid" hou die skares. Dit gee hulle groot lekkerkry. Dit laat hulle lag. Soos as hy skielik 'n grassie van Gary Teichman se neus af trek terwyl die skeidsregter die kapteins ernstig aanspreek. Of om, ook in die hitte van die stryd, met die skeidsregter te grap dat albei aan die lag gaan. Of as hy op Loftus kort voor afskop met sy groot lyf van 104 kg glimlaggend ritmiese bewegings op die maat van luidspreker-musiek staan en maak.

Skinstad het 'n ouwêreldse ordentlikheid – teenoor almal – wat hy by sy wonderlike ouers, Alvin en Alana Skinstad van Kloof naby Durban geërf het. Goeie, gawe mense uit die destydse Rhodesië wat in Suid-Afrika vir hulle en hul drie seuns 'n nuwe toekoms kom soek het.

Pa Alvin, 'n dokter, het op sy dag ook by provinsiale rugby gedraai. Hy het aan *Matieland* vertel hoe die kleine Bobby in doerie jare hulle gelukbringer was, hoe hy graag vooruit op die veld gedraf het en die bal op die middelkolletjie staan gemaak het. En hoe hy sy pa gereeld soggens wakker gemaak

► bl. 30

Skinstad, die vriendelike, forsgeboude jong reus, is in die beroeps-era van rugby 'n man wat nog veel meer vir sy vriende omgee as vir sy bankrekening



Nashua Maties het die afgelope seisoen vyf Springbokke, twee SA onder 21, drie SA onder 19, nege Western Stormers, 15 WP onder 21 en 18 WP senior spelers opgelewer

NOG 'N PUIK JAAR VIR MATIE-RUGBY

Deur Douglas Davis Foto: Carl Fourie

“Kyk, dit lyk of Dok Craven glimlag”

Dié opmerking van 'n student by die legendariese Dok Craven se standbeeld op Coetzenburg som die hele storie op: Matie rugby is op die kruin van die golf. Hul oorwinning oor die RAU-span in die eindstryd in Pretoria het verseker dat hulle vir die tweede

agtereenvolgende jaar Suid-Afrika se beste klubspan is. Hulle het RAU met 28-10 geklop.

Mnr Rugby sou inderdaad breed geglimlag het.

Die Nashua Maties, soos hulle bekend staan, het vanjaar skoonskip gemaak. Matie spanne het al die bekere waarvoor hulle in die ligas van die WP Rugbyvoetbalunie ingeskryf was, verower – met die uitsondering van die

Super A Eersteliga se tweede rondte.

Daarby het Nashua Maties se eerste span die Varsity Cup in die jaarlikse wedstryd teen die Ikeys verower en Nashua Victoriane het die UWK om die Varsity Bowl verslaan.

Nashua Maties het die afgelope seisoen vyf Springbokke, twee SA onder 21, drie SA onder 19, nege Western Stormers, 15 WP onder 21 en 18 WP senior spelers opgelewer.

Talle spelers wat verlede jaar nog die Maroentruï gedra het, het die afgelope seisoen diens gedoen in die spanne van Griekwas, Boland, die OP, die SWD en ook selfs Noordwes. Matie “produkte” wat vanjaar aan Currie beker rugby deelgehad het, is genoeg om twee spanne te vul.

Die bekende Springbok van weleer, Ian Kirkpatrick, is die man aan wie die sukses van die afgelope twee seisoene toegeskryf kan word. Hy sal aanstaande jaar weer die Maties se hoofafriqter wees.

Die Maties het ook pas Argentinië toe getoer, waar hulle vier wedstryde gespeel het. **M**



Louis Blom, Matie-kaptein en WP-slot hou die Supersport-beker omhoog nadat die Nashua Maties in 'n voorwedstryd vir die Curriebeker-eindstryd in Pretoria hul nasionale klubtitel suksesvol verdedig het deur die RAU-span te klop

► bl. 29

het deur 'n bal – enige bal – teen sy kop te laat hop...

Ma Alana se oë raak ietwat wasig as sy vertel hoe Bobby altyd uit sy pad gaan om tyd met sy twee jonger broers, Andrew (16) en Daniel (18), deur te bring. “En hy is netso met ons, sy ouers. Hy’s 'n maklike kind, kom sit en maak sy hart oop.” Sy sê hoewel hulle Natallers in merg en been is, is Bobby dol oor Stellenbosch en die WP. “Ek is bly vir hom. En ek is net 'n ma. Ek skree ook maar vir WP!”

Op 'n rugbyveld is die 22-jarige Skinstad oral. Hy druk drieë (drie onvergeetlikes teen die Blou Bulle), sy plettervatte laat ouer rugbygeesdriftiges visioene van Ryk van Schoor sien (sy duikslag op Jacques Olivier op Loftus het gekom toe almal gemeen het 'n drie is 'n blote formaliteit) en sy spoed, voorgevoel en balhantering laat skares liries (dink maar aan sy fopaangee, hinkstappie en versnelling toe hy die drie teen die Aussies op Loftus gedruk het).

En oor sy leierseienskappe is daar geen twyfel nie. Hy het die Springbokke op hulle onlangse “grand slam” toer deur Brittanje

sommer met die intrapslap aangevoer – teen Scottish Caledonians op 10 November. Alan Solomons, hulpafriqter van die Bokke en WP se afriqter, sê sy positiewe benadering maak die verskil. Hy meen dit het die WP die afgelope seisoen tot in die eindstryd gebring.

En Skinstad self? “Jong, eintlik is ek maar 'n skaam outjie wat my voete plat op die aarde probeer hou. Ek is gek oor wat ek doen, daarom glimlag ek so maklik. Ons het baie in ons land om oor optimisties te wees. Ons moet geloof hê...”

“Ek reik na die sterre, maar as ek hulle mis, kamp ek sommer oppie maan!”

Dit is Bobby Skinstad. Superster van die Springbokke in wording? As jy die kenners glo en na jou eie hart luister, wil jy sê ja – veral omdat dié aangename jong man se voete in realiteit geanker is.

Hy spreek die laaste woord (met daárdie “smaail” en vonkel in die oog): “Ek reik na die sterre, maar as ek hulle mis, kamp ek sommer oppie maan!” **M**

GESTREMDE ATLEET WEER SPORTMAN VAN DIE JAAR

Ernst van Dyk – 800m wêreldkampioen in rolstoelwedrenne – is vir die tweede keer die Maties se Sportman van die Jaar. In 1996 het hy ook dié prestige-toekenning gekry.

Hy het aan 1992 se Paralimpiese Spele in Barcelona deelgeneem en weer aan die 1996-spele in Atlanta, het reeds vyf keer Springbokkleure verwerf en het aan 'n hele aantal wêreldbyeenkomste deelgeneem.

In Augustus vanjaar het hy 'n goue medalje vir die 800m wedren en 'n bronsmedalje vir die 400m by 'n wêreldbyeenkoms in Birmingham, Engeland, behaal.

Ernst is die eerste gestremde Matie wat die graadkursus in Menslike Bewegingskunde



voltooi het. Hy is assistent-bestuurder by die US gimnasium.

Die Paralimpiese Spele* word na elke Olimpiese Spele gehou, op dieselfde plek wat dan al die geriewe het. Met Augustus 1996 se Paralimpiese Spele in Atlanta het 41 Suid-Afrikaners deelgeneem – met gestremdhede wat gewissel het van amputasies en rugmurgbeserings tot visuele, serebrale en intellektuele gestremdhede. Hulle het tien goue, agt silwer- en tien bronsmedaljes verower – ses van die goues vir wêreldrekords. (*Paralimpiese = Parallele Olimpiese Spele) **M**

© ANTON JORDAAN

ELANA MEYER SEWENDE KEER MATIES SE SPORTVROU

Die Maties se Sportvrou van die Jaar is Elana Meyer, wat dié titel reeds ses keer tevore verwerf het – in 1989, 1990-'92 en 1994-'95.

Sy het vanjaar weer bewys dat sy een van die wêreld se voorste atlete in die middel- en lang afstande is. Met die Kyoto halfmarathon het sy die wêreldrekord na 1:07:29 verbeter. Sy het ook met die Stellenboschen van die Victory-wedlope die vinnigste tyd ter wêreld oor vyf kilometer opgestel.

Meyer het al die wedlope waaraan sy vanjaar deelgeneem het, gewen.

Een van die hoogtepunte van haar atletiekloopbaan was haar deelname aan 1992 se Olimpiese Spele in Barcelona, waar sy 'n silwermedalje losgeslaan het.

In 'n onlangse koerantonderhoud het sy gesê hoewel sy plaaslik deelneem, wil sy haar toespits op internasionale wedlope. "As jy brúte wil bou, moet jy gaan na waar daar riviere is." En dis ook waar die inkomste is: met die onlangse Chicago Marathon het sy in die derde plek geëindig en sowat R100 000 slegs aan prysgeld losgeslaan.

Oor die teleurstellings wat beserings al vir haar loopbaan meegebring het, het sy gesê haar geloof help haar om dit te verwerk. "Om 'n Christen te wees, is waaroor die lewe vir my gaan." **M**



© PIETER VAN DER VVER

Club produces SA players

Maties (and Western Province) basketball coach, Glyde Thompson, with two of the three Matie players who helped WP to win the national tournament in Boemfontein. Holding the national trophy are Bridgette Ray (left) and Myzra Muller. Sharlette Scholtz was the third Matie in the team. Thompson, vice-captain of the men's national team, coaches the Maties men's and women's teams. Both did exceptionally well recently: the women finished second and the men third in the WP first league.

The Basketball Club is growing in strength and has started producing national players: Bridgette Ray was selected for the national squad to compete in the African Games. Myzra Muller was selected as a promising talent, and invited to attend the national training camps. Lisa Smit has been selected for the SA u.18 team, for the African u.18 Games.

Maties men's captain, Sandro Floretino, and another Matie, Paul Williams, will play for South Africa in the African u.22 African Games in Egypt. Floretino received an All Star Award at the national tournament recently.

The women's side qualified for the new National Campus Basketball League, which enable the top eight teams in the country to battle for a national title. **M**



“Op Stellenbosch het ek geleer om met die oog van ’n digter waar te neem”

STELLENBOSCH: GELIEFDE, VORMENDE PLEK

Deur Lina Spies Illustrasie Cora Coetzee

Wat ek van die eerste twee jaar van my lewe weet, lei ek af uit my foto-album. Van my derde lewensjaar het ek wel herinneringe wat volgens die Sielkunde normaal is as ’n mens ’n gelukkige kinderlewe gehad het. In my album is daar foto’s van my as driejarige op ’n stoeltjie onder ’n Stellenbosse akkerboom. En daar onder die eike, het my lewe sy eintlike aanvang geneem.

By my geboorte was my pa laerskoolonderwyser op Harrismith in die Noordoos-Vrystaat. Ek was drie jaar oud toe hy vir sy BA-studie Stellenbosch toe is – die enigste universiteit waar hy met sy onderwyskwalifikasies ’n baccalaureusgraad binne twee jaar kon behaal, mits hy aan die einde van die eerste semester van sy tweede jaar sy eerstejaarsvakke slaag. ’n Klein aspek van die Universiteit se doseerbeleid was in 1942 van beslissende belang vir sy driejarige dogter.

My vroegste herinneringe is aan versiersuiker, wit klippias en skilpaaie. My ma het ’n koekversiering-kursus aan die Tegniese Kollege gevolg en ek was saam by al die lesse. Uit buisies van alle groottes en allerlei vorme het die mooiste pienk rosies en skoelapperverlekies gepeul. Ek was betower. Vir die eerste keer in my lewe het ek gesien hoe die vormlose die vorm van iets herkenbaar moois kon aanneem.

Ons het onder andere geloseer by ’n wewenaar in sy huis, Digte-by, aan die Eersterivier. Ek onthou Digte-by as ’n tuinpaadjie met klein, blink vuursteentjies waarmee ek eindeloos gespeel het. Vandag woon ek ’n hanetreetjie daarvandaan – terug waar ek begin het, maar die klippias van my kinderspel het ek nooit weer op Stellenbosch gesien nie. Dit word veilig bewaar in my binnewêreld; die wêreld van drome en heimwee, herinneringe en fantasie. Ook die reusagtige skilpaaie waaraan ek my as driejarige in die Jan Marais-park verwonder het, bevind hulle daár waar hulle nog nooit normale dimensies aangeneem het nie. In die Jan Marais-park het ek hulle nie weer teëgekom nie.

Dis eie aan kleuters om hulle te verwonder: ek was op Stellenbosch ’n verwonderde kleuter. En op Stellenbosch het ek as student in die filosofieklasse van Johan Degenaar opnuut geleer wat verwondering is. Deur die persoonlike invalshoek waaruit hy gedoseer het, moes ’n mens noodwendig bewus word van jou verbondenheid aan die aarde, nie as vloek nie, maar as seën; nie as knellende noodlot nie, maar as opwindende bestemming.

Gilbert K. Chesterton aan wie doktor Degenaar ons bekendgestel het, sê in sy Orthodoxy dat die gewone aarde ’n betowerde aarde is: “A tree grows fruit because it is a magic tree. Water runs downhill because it is bewitched. The sun shines

because it is bewitched.” Volwassenes vergeet wat hulle deur sprokies geleer en geglo het, daarom moet sprokies hulle weer aan wat hulle vergeet het, herinner:

“These tales say that apples were golden only to refresh the forgotten moment when we found that they were green. They make rivers run with wine only to make us remember, for one wild moment, that they run with water... All that we call spirit and art and ecstasy only means that for one awful instant we remember that we forget.”

Vandag besef ek dat die lewensbeskouing waaraan ek van die begin af in my poësie uitdrukking gegee het, ten diepste gevorm is deur Johan Degenaar. Maar ewe ingrypend vir die ontwikkeling van my denke en die verloop van my lewe was die aanstelling van DJ. Opperman in 1960 as professor in die Afrikaanse Letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Ek was toe ’n derdejaarsstudent en lid van sy eerste Letterkundige Laboratorium vir aspirant-digters.

As ek nie op Stellenbosch studeer het nie, as Opperman nie my mentor was nie, sou my lewe ’n ander koers gevolg het? Dis ’n vraag wat ek net kan stel om te sê wat wel my lewensloop bepaal het. My profesie en my digterskap is daaraan te danke dat ek wel op Stellenbosch studeer het by leermeesters deur wie ek myself kon ontdek om te kon word wat ek glo ek moes word.

Op ’n paradoksale wyse is ek ’n plekkebonde mens én ’n reisiger. Vir my is ’n plek nie mense nie; ’n plek is ’n plek. Ek is innig verbonde aan Stellenbosch en sy natuurskoon, maar ek voel ook ’n band met baie plekke op hierdie aarde waar ek gewoon het of ’n besoeker was en waarna ek altyd weer heimwee het. My liefde vir reis is wesenlik ’n passie vir mooi plekke.

In stralende Noorweegse somerweer het ek in 1978 in die pragtige Bergen se Maria-kerk ’n seldsame oomblik van selfherkenning beleef. Die jong meisie in die voorportaal by wie ’n mens ’n brosjure oor die kerk kon kry, het gestraal toe ek my verrukking oor Bergen uitspreek. Sy het gesê hoe bly sy is as besoekers van haar stad hou, juis omdat

sy die stad so liefhet en dit so mooi vind. ’n Doodgewone opmerking wat sy waarskynlik dikwels maak, was vir my vol betekenis: soos sy oor Bergen voel, het ek onteenseglik geweet, voel ek oor Stellenbosch.

Opperman het ons geleer dat ’n digter deur sy oog dig en die Amerikaanse digteres, Emily Dickinson het gesê “I see New Englandly”. Sy wou nie reis nie, want in afsondering het sy vervulling gevind: dit was die noodwendige voorwaarde vir haar digterskap. Anders as Dickinson is reis vir my ’n noodsaak en ’n stimulus vir die skrywe van poësie, maar op Stellenbosch het ek geleer om met die oog van ’n digter waar te neem en waar ek ook al reis, is dit met dié oog wat ek kyk. **M**



Lina Spies, professor in Afrikaanse letterkunde aan die US, is ’n Oudmatie en gevierde digter. Cora Coetzee is ’n Oudmatie-kunstenaar wat veral as illustreerder naam gemaak het.



(excerpt from the lyrics of band Butthole Surfers)

what should have been a great headline may have missed the point of impact entirely. And the visual execution will probably mean different things to different people.

If, however, we wanted to control the environment in which our message appears, we would publish our own Customer Magazine.

Customer Magazines directly target valued customers, create brand loyalty and foster customer retention. There's a lot more we could tell you about the value of Customer Magazines, but the space offered by this ad is just not enough. For more information, call **David Stear** on (011) 787-0524/6 or **Robin Stear** on (021) 683-1263.



FRESH, FLOWERY WITH A HINT OF GRASS



DELHEIM

LUNCHES

Vintner's Platter Garden Restaurant:

Mon to Sat 12:00 - 14:30

Sun 12:00 - 14:30 (1 Nov - 30 March)

For groups, bookings is essential. Tel & Fax: +27 (21) 882 2297

WINE TASTING AND SALES

Mon to Fri 8:30 - 17:00 Sat 9:00 - 15:00

Sun 11:30 - 15:00 (Nov - March)

P.O. Box 10 • Koelenhof • 7605 • South Africa

Tel: +27 (21) 882 2033 • Fax: +27 (21) 882 2036

VISIT US ON THE STELLENBOSCH WINE ROUTE

Only 50km from Cape Town and 10km from Stellenbosch on the R44, Delheim is very easy to find